University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

# DIE IMPAK VAN DIE FINANSIëLE BELEID VIR ONTWIKKELINGSGERIGTE MAATSKAPLIKE WELSYN (1999) OP MAATSKAPLIKE DIENSLEWERING IN ATTERIDGEVILLE

**deur**

**MARYKE ELISABET VENTER**

**Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE**

**in**

**[MSD (Maatskaplike Ontwikkeling en Beleid)]**

**in die**

**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER: PROF. A LOMBARD**

**OKTOBER 2003**

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

# VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat hierdie mini-tesis ‘n resultaat van my onafhanklike ondersoek is en dat alle bronne erken word deur middel van verwysings.

Ek bevestig hiermee dat hierdie studie vir geen ander graad gedien het nie.

**Kandidaat :Handtekening**

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)


**DANKBETUIGINGS**

Graag bedank ek die volgende persone vir hulle hulp en ondersteuning wat my deur die studie gedra het.

- Prof. A Lombard vir haar bekwame leiding, hulp en ondersteuning. U tyd en hulp word opreg waardeer.

- My man en ouers vir hulle volgehoue motivering, ondersteuning en hulp met my studies.

- My kollegas by Heartbeat vir hulle bydrae en ondersteuning tydens my studies.

- Aan ons Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees al die dank en eer!

# OPSOMMING

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) is die fondament waarop die transformasie van maatskaplike dienslewering gebou is. Om organisasies te rig in die paradigmaskuif vanaf 'n remediërende benadering tot 'n ontwikkelingsgerigte benadering, is die Finansiële Beleid vir Ontwikkelingsgerigte Maatskaplike Welsyn in 1999 geïmplementeer. Die Finansiële Beleid (1999) het ten doel om die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn te laat realiseer.

Die doel van die studie was om die impak van die Finansiële Beleid (1999) op maatskaplike dienslewering in 'n bepaalde gemeenskap, naamlik Atteridgeville te evalueer.

As respondente het die studie gebruik gemaak van sowel maatskaplike werkers as gemeenskapslede om die impak van die Finansiële Beleid (1999) op maatskaplike dienslewering te bepaal. Agt maatskaplike werkers van ses Nie-regeringsorganisasies (NROs) en vier en twintig gemeenskapslede het aan die studie deelgeneem. Data is op sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe wyse ingesamel.

Die navorsingsbevindings het aangedui dat maatskaplike diensleweraars in Atteridgeville die beginsels van die Finansiële Beleid (1999) onderskryf, maar dat hierdie beginsels nog nie ten volle sigbaar geïmplementeer word in die maatskaplike dienslewering nie. Hoewel die maatskaplike diensleweraars positief is oor die implementering van die Finansiële Beleid (1999) het die navorsingsbevindings duidelik gewys dat die fokus van dienste steeds primêr op statutêre dienste gefokus is, in plaas van voorkoming en vroeë intervensie. 'n Verdere bevinding was dat die gemeenskap wel 'n behoefte aan sowel remediërende as ontwikkelingsdienste het.

Die primêre aanbeveling van dié studie is dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling kennis neem van die leemtes in die implementering van die Finansiële

Beleid (1999), soos uitgewys in dié studie en die kennis sal aanwend in die huidige proses ten opsigte van die herforumulering van die Finansiële Beleid (1999).

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)


## ABSTRACT

The White Paper for Social Services (1997) is the foundation upon which the transformation of social services is built. In order to assist organizations in the paradigm shift which has to be made from the remedial approach to a developmental approach in the rendering of social services, the Financing Policy for Developmental Social Welfare Services was implemented in 1999.

The purpose of the study was to evaluate the impact of the Financing Policy (1999) on the social services of a particular community, Atteridgeville in the Gauteng Province.

In order to research the impact of the Financing Policy (1999) on the social services in the above mentioned community this study used both social workers and members of the community as respondents. Eight social workers of Non- governmental Organisations (NGOs) as well as twenty four members of the community participated in the study. Data was collected both quantitatively and qualitatively.

The findings of the research showed that, although social workers in Atteridgeville endorse the principles of the Financing Policy (1999) the principles are not clearly discernible in the services rendered in the community. Although social workers are very positive about implementation of the Financing Policy (1999), research showed quite clearly that social services rendered in the community focus primarily on statutory services and not on prevention or early intervention.

The primary recommendation of this study is that the Department of Social Development take cognicance of the limitations in the implementation of the Financing Policy (1999) as indicated by this study. This knowledge can be implemented in processes being used to reformulate the Financing Policy (1999) as is currently being done.

## SLEUTELBEGRIPPE

- Finansiële Beleid (1999)
- Witskrif vir Maatskaplike Ontwikkeling (1997)
- Atteridgeville
- Beleidsanalise
- Maatskaplike diensleweraars
- Impak en evaluasie van maatskaplike dienste
- Bemagtiging
- Maatskaplike dienslewering
- Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn.
- Transformasie

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING


1. Inleiding ........ 1
2. Motivering vir die keuse van die navorsingsonderwerp ........ 2
3. Probleemformulering ........ 3
4. Doel en doelwitte ........ 6
5. Navorsingsvraag ........ 6
6. Navorsingsbenadering ........ 7
7. Soort navorsing ........ 8
8. Navorsingsontwerp en -strategie ........ 8
9. Navorsingprosedure en werkwyse ........ 9
   9.1 Data insamelingsmetodes ........ 9
   9.2 Data-analise ........ 11
10. Voorondersoek ........ 11
   10.1 Literatuurstudie ........ 12
   10.2 Konsultasie met kenners/kundiges ........ 12
   10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek ........ 13
   10.4 Toetsing van vraelys en fokusgroepskedule ........ 13
11. Omskrywing van universum, populasie, afbakening van steekproef en wyse van steekproeftrekking ........ 14
   11.1 Universum ........ 14
   11.2 Populasie ........ 14
   11.3 Afbakening en steekproeftrekking ........ 14
12. Etiese kwessies ........ 15
13. Definisies van hoofkonsepte ........ 16
   13.1 Finansiële Beleid vir Ontwikkelingsgerigte Maatskaplike Welsyn ........ 16
   13.2 Gemeenskap ........ 17
   13.3 Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn ........ 17
   13.4 Maatskaplike dienslewering ........ 18
   13.5 Impak ........ 18
   13.6 Evaluasie ........ 19

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

13.7 Atteridgeville ........................................................................19

14. Leemtes in studie ........................................................................19

15. Indeling van hoofstukke........................................................................19

## HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK VIR MAATSKAPLIKE DIENSLEWERING

1. Inleiding ........................................................................21

2. Agtergrond tot die Finansiële Beleid ........................................................................21

3. Beleidsanalise ........................................................................23

3.1 Die proses van beleidsanalise ........................................................................23
3.2 Beleidmaking ........................................................................26

4. Maatskaplike Welsyn en Maatskaplike Ontwikkeling ........................................................................27

4.1 Maatskaplike Welsyn........................................................................27
4.2 Maatskaplike ontwikkeling........................................................................28

5. Beginsels in die Finansiële Beleid ........................................................................29

5.1 Verantwoordbaarheid........................................................................29
5.2 Bemagtiging........................................................................30
5.3 Deelname ........................................................................30
5.4 Gesinsgesentreerd ........................................................................31
5.5 Gemeenskapsgesentreerd........................................................................31
5.6 Kontinuum van sorg en ontwikkeling........................................................................32
5.7 Integrasie........................................................................32
5.8 Normalisasie ........................................................................33
5.9 Effektiwiteit en Doeltreffendheid ........................................................................33
5.10 Persoongesentreerd ........................................................................33
5.11 Regte ........................................................................34
5.12 Herstelde geregtigheid *(Restorative justice)* ........................................................................34
5.13 Toepaslikheid........................................................................35
5.14 Gesinsbewaring........................................................................35
5.15 Permanentheidsbeplanning ........................................................................36
5.16 Afrika Renaissance ........................................................................36

6. Diensleweringsraamwerk vir die Finansiële Beleid en dienslewering ............37

6.1 Teikengroepe........................................................................37
6.1.1. Kinders, jeugdiges en gesinne........................................................................37

6.1.2 Vrouens ....................................................................................38
6.1.3 Ouer persone ............................................................................38
6.2 Spesiale ontwikkelingsareas ..................................................38
6.2.1 Spesiale beskerming.................................................................39
6.2.2 Oorlewingsondersteuning en ontwikkeling ..........................39
6.2.3 Armoede......................................................................................39
6.2.4 Gestremdheid ...........................................................................40
6.2.5 Misdaadvoorkoming ................................................................40
6.2.6 Alkohol- en dwelmmisbruik ...................................................41
6.2.7 MIV/VIGS ...................................................................................41
6.3 Diensleweringsvlakke ..............................................................43
6.3.1 Voorkoming ...............................................................................43
6.3.2 Vroeë intervensie .....................................................................43
6.3.3 Statutêre proses ........................................................................44
6.3.4 Kontinuum van sorg en ontwikkeling....................................44

7. Praktiese impllikasies van die Finansiële Beleid. ..........................................44

8. Administratiewe proses in die Finansiële Beleid...........................................46

9. Samevatting..........................................................................................48

## HOOFSTUK 3: EMPIRIESE ONDERSOEK EN BEVINDINGS

1. Inleiding ............................................................................................49

2. Navorsingsmetodologie ....................................................................49

2.1 Navorsingsbenadering................................................................49
2.2 Navorsingsprosedure...................................................................49

3. Empiriese bevindinge..........................................................................51

3.1 Kwalitatiewe navorsingsbevindinge ..........................................51
3.2 Kwantitatiewe navorsingsbevindinge: .......................................56
3.2.1 Biografiese inligting...................................................................56
3.2.2 Kennis van die Finansiële Beleid vir Ontwikkelingsgerigte Maatskaplike Welsynsdienste (1999). ..........................................60
3.2.3 Implementering van die Finansiële Beleid (1999)...........................62
3.2.4 Monitering en evaluasie van die Finansiële Beleid (1999)................85
3.2.5 Kernbevindings .........................................................................86

## HOOFSTUK 4: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. Inleiding ............................................................................................88

2. Doel en doelwitte van die studie ......................................................88

3. Kernbevindinge uit empiriese navorsing ........................................................ 90
3.1 Kwalitatiewe navorsing ........................................................ 90
3.2 Kwantitatiewe navorsing ........................................................ 90
4. Gevolgtrekkings ........................................................ 91
5. Aanbevelings ........................................................ 93
6. Samevatting ........................................................ 94

**BIBLIOGRAFIE ........................................................ 95**

**BYLAE:**

BYLAAG A: Onderhoudskedule gebruik tydens kwalitatiewe ondersoek.

BYLAAG B: .

BYLAAG C: Toestemmingsbrief.

BYLAAG D: Persoonlik geadministreerde vraelys

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Geslag.....57
Figuur 2 : Jare ervaring as maatskaplike werker.....58
Figuur 3: Fokus van organisasie.....59
Figuur 4: Ouderdom van respondente.....60
Figuur 5: Eerste kennisname van Beleid.....61
Figuur 6: Opleiding vir implementering van Finansiële Beleid.....63
Figuur 7: Probleme ervaar ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999).....64
Figuur 8: Vordering met implementering van Finansiële Beleid.....65
Figuur 9: Teikengroepe bereik.....66
Figuur 10: Beraamde persentasie van werk wat op teikengroepe gemik is.....67
Figuur 11: Tipes dienste gelewer.....68
Figuur 12: Persentasie van werk wat fokus op diensleweringsvlakke.....70
Figuur 13: Spesiale ontwikkelingsareas.....71
Figuur 14: Gemeenskapsgesentreerd.....73
Figuur 15: Afrika Renaissance.....74
Figuur 16: Bemagtiging.....76
Figuur 17: Gesinsgesentreerd.....77
Figuur 18: Gesinsbewaring.....78
Figuur 19: Permanentheidsbeplanning.....79
Figuur 20: Normalisasie.....80
Figuur 21: Deelname.....81
Figuur 22: Herstelde geregtigheid.....82
Figuur 23: Regte.....83
Figuur 24: Vennootskappe.....84
Figuur 25: Implementering in beplande tydsraamwerk.....85
Figuur 26: Ontwikkelingskwaliteitsinstrument (OKV).....86

# HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING

## 1. Inleiding

Navorsing is ‘n sistematiese, empiriese en kritiese ondersoek na natuurlike verskynsels wat gerig word deur teorie en hipoteses oor die voorgestelde verhoudings tussen die verskynsels (De Vos, 2002a: 45).

Die Finansiële beleid vir Ontwikkelsgerigte Maatskaplike Welsyn (1999), hierna die Finansiële Beleid (1999) genoem, is die instrument waardeur die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) geïmplementeer moet word. Die visie van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:15) is om ‘n welsynssisteem daar te stel wat menslike kapasiteit en selfonderhouding fasiliteer binne ‘n instaatstellende sosio-ekonomiese omgewing. Binne die konteks van die Finansiële Beleid (1999:11) moet die dienste wat gelewer en gefinansier word ‘n omgewing skep waar daar ‘n paradigmaskuif plaasvind vanaf ‘n remediërende benadering na ‘n ontwikkelingsgerigtebenadering.

Die navorser het met hierdie studie verkennende navorsing gedoen oor die impak van die Finansiële Beleid (1999) op maatskaplike dienslewering na drie jaar van implementering. Die navorsing fokus op ‘n stedelike gemeenskap in die Gauteng Provinsie, naamlik Atteridgeville. Die navorser is tans werksaam by Heartbeat, Centre for Community Development. Heartbeat het ‘n kantoor in Atteridgeville en lewer ontwikkelingsdienste aan die inwoners van Atteridgeville. Hierdie ontwikkelingsdienste is gemik op weeskinders en hul uitgebreide familie. Die gemeenskap word gemobiliseer om om te sien na die kinders en ander weerlose kinders.

In ‘n gesprek met mev. Janet du Preez, hoofdirekteur Maatskaplike Ontwikkeling Gauteng Provinsie, het dit na vore gekom dat die implementering van die Finansiële Beleid (1999) in 2001 deur die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling herroep is. Die Gauteng Provinsie het egter voortgegaan om die Finansiële Beleid (1999) te implementeer. Die rede vir die herroeping van die beleid was die gebrek aan weldeurdagte riglyne vir organisasies om hierdie beleid te implementeer. Hierdie

beleid is tans onder hersiening. Deur dié navorsing beoog die navorser om ‘n bydrae te lewer tot die herformulering van die beleid, aangesien die studie ‘n analise van die beleid sal wees soos geïmplementeer in die Atterdigeville gemeenskap.

In hierdie hoofstuk word ‘n algemene oorsig gegee van die motivering, probleemformulering, doelstellings en doelwitte, navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingsontwerp, navorsingsprosedures, die vooronderzoek, die omskrywing van die universum, steekproef en steekproeftrekking, die etiese kwessies, die identifikasie van hoofkonsepte, die leemtes van die studie en die indeling van die hoofstukke.

## 2. Motivering vir die keuse van die navorsingsonderwerp

In die inleiding is daar reeds vermeld dat die Finansiële Beleid (1999) ‘n paradigmaskuif teweeg moet bring, vanaf konvensionele remediërende maatskaplike dienslewering tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering.

Die motivering vir die keuse van die onderwerp, is eerstens geleë in die navorser se praktykervaring. In die milieu van gemeenskapsontwikkeling kry die navorser daagliks te doen met mense in verskeie agtergeblewe gemeenskappe. Dit is in hierdie milieu dat die navorser daagliks gekonfronteer word met die gebrek aan transformasie by maatskaplike diensleweraars in die gemeenskappe ten einde ontwikkelingsgerigte dienste te lewer. Die Nasionale Department van Maatskaplike Ontwikkeling moedig hierdie diensleweraars aan om te transformeer, maar bied egter weinig opleiding in dié verband. Die gevolg van die gebrek aan kennis oor die transformasieproses en uitkomste vir ‘n ontwikkelingsgerigte benadering lei tot groot gebreke in dienslewering, veral op gemeenskapsvlak.

Buiten die gebrekkige kennis en leiding oor die transformasieproses is daar baie min literatuur beskikbaar oor die transformasie van maatkspalike dienste van ‘n remediërende na ‘n ontwikkelingsgerigte benadering. Daar is derhalwe gebrekkige riglyne vir maatskaplike diensleweraars oor hoe dienste, soos uiteengesit in die Finansiële Beleid (1999), getransformeer behoort te word.

Die navorser het tydens haar eerste nagraadse studiejaar saam met haar medestudente die gebrek aan inligting oor die implementering van die Finansiële Beleid (1999) opgemerk. Die vier studente het die impak en die implementering van die Finansiële Beleid (1999) deur middel van 'n spanbenadering nagevors. Die navorsingsbevindings van 'n span navorsers sal derhalwe meer gewig dra in terme van die impak van die Finansiële Beleid (1999) op plaaslike gemeenskapsvlak.

Die navorser is van mening dat hierdie navorsing 'n bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van riglyne en derhalwe tot kennis en literatuur oor die implementering van die Finansiële Beleid (1999).

## 3. Probleemformulering

Die visie van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:15) is om 'n welsynssisteem daar te stel wat menslike kapasiteit en selfonderhouding fasiliteer binne 'n instaatstellende sosio-ekonomiese omgewing. Binne die konteks van die Finansiële beleid (1999:11) moet die dienste wat gelewer en gefinansier word, realiseer binne 'n omgewing wat 'n paradigmaskuif na 'n ontwikkelingsgerigte benadering fasiliteer.

Ludik & Nel (2001:49) beskryf die verband tussen die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) en die Finansiële Beleid (1999). Volgens hierdie outeurs stel die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) 'n nuwe ontwikkelingsbenadering voor wat deur die Finansiële Beleid (1999) gerig word.

Die Finansiële beleid (1999:41) spel sekere aktiwiteite uit wat organisasies behoort te rig in die oorgangstydperk.

- Hersiening en verbintenis tot die fokusareas wat deur die regering bepaal word en wat deurlopend gedoen word.
- Deurlopende herprioritisering van fokusareas.
- Die infasering van nuwe programme na aanleiding van die nuwe kriteria

- Bemagtiging en die herorientering van personeel en organisasies tydens die oorgangsfase.

Daar is 'n moniteringsinstrument daargestel om te verseker dat organisasies aan die vereistes van die Finansiële Beleid (1999) voldoen, naamlik die "Development Quality Assurance Model (DQA)". Hierdie instrument het ten doel om effektiewe dienslewering en dienslewering wat in lyn is met die regering se visie en doelstelling vir transformasie te verseker (Finansiële Beleid, 1999:33).

Die Finansiële Beleid (1999:15-16) het ten doel om die volgende transformasie in maatskaplike dienste mee te bring:

- Om wanbalanse in dienste aan Suid-Afrikaanse burgers aan te spreek en uit die weg te ruim.
- Om die organisasies wat voorheen uitgesluit was ten opsigte van finansiële steun, in te sluit by die toekenning van fondse.
- Om fondse te bewillig vir projekte wat aandag skenk aan prioriteitsareas.
- Om gelyke verdeling van finansies, infrastruktuur en dienste te bevorder.
- Om 'n netwerk te fasiliteer wat dienste vir almal in nood toeganklik maak.
- Om kapasiteit en volhoubaarheid van organisasies te bevorder.

As die navorser die bogenoemde riglyne en doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) vergelyk met die realiteit op grondvlak, is daar min van hierdie doelwitte en riglyne sigbaar. Diensleweraars in gemeenskappe weet nie op watter wyse hulle moet transformeer nie. Derhalwe word ontwikkelingsdienste op 'n baie klein skaal aan kliënte en gemeenskappe gelewer. 'n Voorbeeld hiervan is die moniteringsinstrument wat deur die Finansiële Beleid (1999:33) ingestel is om die transformasie proses te monitor. Aan die einde van 2001 het die navorser die voorreg gehad om 'n werkswinkel oor die moniteringsisteem by te woon. Daar sou in die jaar wat volg DQA spanne na alle maatskaplike diensleweraars gestuur word om die transformasieproses te monitor. Ook Heartbeat sou geëvalueer word. Tot op hede het geen DQA-span Heartbeat in enige van hul gemeenskappe besoek nie.

Hoewel daar in die literatuur weinig geskryf is oor die progressie van organisasies met betrekking tot die Finansiële Beleid, stel Ludik & Nel (2001:49) dit dat die maatskaplike diensleweraars landswyd worstel met die vraag oor hoe en in watter mate transformasie binne hulle spesifieke organisasies moet plaasvind ten einde in lyn te kom met die regering se inisiatiewe om die diensleweringsisteem te verbeter. Laasgenoemde bevestig dat die implementering van die Finansiële Beleid (1999) nie goed deurdink is nie.

In Atteridgeville inisieer en fasiliteer diensleweraars min ontwikkelingsprogramme en is die fokus nog hoofsaaklik op statutêre werk en berading. Volgens die Finansiële Beleid (1999) is die verskuiwing na ontwikkelingsgerigte dienslewering een van die hoofskuiwe wat gemaak moet word. Die Pretoria se Kinder- en Gesinsorgvereniging het byvoorbeeld, slegs in Atteridgeville tussen 230 en 250 pleegsorggevalle wat deur ses maatskaplike werkers hanteer word.

Ter samevatting stel die Finansiële Beleid (1999:14) 'n verskuiwing vir maatskaplike dienslewering na 'n ontwikkelingsgerigte fokus in die vooruitsig. Hierdie verskuiwing moet teen 2004 ten volle sigbaar wees in die praktyk. Die jaar 2002 is as mikpunt gestel om reeds van hierdie verskuiwings te reflekteer.

Die uitgangspunt van hierdie navorsing is dat daar min sigbare bereiking van die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) in Atteridgeville is en dat die onkundigheid onder maatskaplike diensleweraars en swak begeleiding oor die transformasieproses deur die Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling 'n baie belangrike rol hierin speel.

Die navorser het in hierdie studie diensleweraars in Atterdigeville se transformasie na ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering geëvalueer.

## 4. Doel en doelwitte

**Doel**

Om die impak van die Finansiële Beleid vir Ontwikkelingsgerigte Maatskaplike Welsyn (1999) op maatskaplike dienslewering in Atteridgeville te evalueer.

**Doelwitte**

1. Om 'n teoretiese raamwerk te formuleer vir maatskaplike dienslewering binne die konteks van die Finansiële Beleid (1999) en die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997).

2. Om die teikengroepe, intervensievlakke en maatskaplike diensleweraars vir maatskaplike welsynsdienste in Atteridgeville te identifiseer.

3. Om die impak van maatskaplike dienslewering met betrekking tot die visie, missie en beginsels van die Finansiële Beleid (1999) in Atteridgeville te evalueer.

4. Om gevolgtrekkings te maak ten opsigte van moontlike leemtes met betrekking tot maatskaplike dienslewering in die implementering van die Finansiële Beleid (1999).

5. Om na aanleiding van die navorsingsbevindings aanbevelings te maak ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999) met betrekking tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering.

## 5. Navorsingsvraag

'n Navorsingsvraag word uitgedruk as 'n algemene vraag oor die verhouding tussen twee of meer veranderlikes (Bless & Higson-Smith, 1995:29).

Aangesien die navorsing hoofsaaklik kwalitatief was, word 'n navorsingsvraag geformuleer eerder as 'n hipotese.

Die navorsingsvraag wat voortvloei uit die probleemformulering is die volgende:

Wat is die impak van die Finansiële Beleid op maatskaplike dienslewering in Atteridgeville?

## 6. Navorsingsbenadering

Mouton & Marais (in De Vos, 2002b:363) beskou kwantitatiewe navorsing as formeel en baie meer gekontroleerd as die kwalitatiewe benadering. Die kwalitatiewe benadering daarteenoor is nie geformaliseer nie en ‘n filosofiese werkwyse word gebruik.

Navorsing kan egter ook van ‘n kombinasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings gebruik maak waarna De Vos (2002b:365) as triangulasie verwys. Creswell, in De Vos (2002b:365) beskryf drie modelle van triangulasie, naamlik die twee-fase model, die dominant-minder-dominant model en die gemengde metodologiese model.

Die dominant-minder-dominant model maak gebruik van een oorhoofse benadering terwyl die tweede benadering slegs ‘n geringe komponent van die studie vorm. In die studie wat onderneem is, het die navorser gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsing as oorhoofse benadering en van kwantitatiewe navorsing as ondersteunend tot die kwalitatiewe data.

Die bepaling van die impak van die Finansiële Beleid (1999) op dienslewering op die gemeenskap van Atteridgeville is deur kwalitatiewe navorsing geëvalueer. Die impak wat die Finansiële Beleid (1999) op die diensleweraars het, is kwantitatief bepaal.

## 7. Soort navorsing

Wanneer die navorser met navorsing begin, moet hy/sy eers onderskei watter doel daarmee bereik wil word. Basiese navorsing het ten doel om teorie te ontwikkel en die maatskaplike kennisbasis uit te brei. Daarteenoor word toegepaste navorsing gedoen om oplossings vir probleme en die toepassing daarvan in die praktyk te vind (De Vos, 1998:8).

In die lig van die probleemformulering en die navorsingsvraag het die navorser van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Die impak van die Finansiële Beleid (1999) het te doen met maatskaplikewerkpraktyk en kan dus geklassifiseer word as toegepaste navorsing.

## 8. Navorsingsontwerp en -strategie

Fouché & Delport (2002:137) gee 'n paar outeurs se mening weer oor wat 'n navorsingsontwerp is. Een daarvan is Mouton se omskrywing van 'n navorsingsontwerp as 'n plan of bloudruk van hoe die navorsing veronderstel is om te gebeur.

Bless & Higson-Smith (1995:138) definieer die navorsingsontwerp as die spesifikasie van die mees toepaslike aksies wat uitgevoer moet word om die spesifieke hipotese te toets onder gegewe omstandighede. Die navorsingsontwerp moet dus die navorser lei om die navorsing op die korrekte wyse uit te voer.

Soos reeds genoem, het die navorser van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing gebruik gemaak. Derhalwe is 'n navorsingstrategie asook 'n navorsingsontwerp toepaslik vir hierdie studie.

Die navorsingstategie wat hier van toepassing is, is gevallestudie. Gevallestudie is die ondersoek na of diepgaande analise van 'n verbonde sisteem oor 'n periode van tyd. (Fouché, 2002:275). Die navorsing se doel was om die ervarings van die gemeenskap van Atteridgeville ten opsigte van die impak van die Finansiële Beleid (1999) oor 'n

tydperk, op maatskaplike dienslewering te ondersoek en sodoende te interpreteer en te verstaan.

Verkennende en evaluatiewe navorsingontwerpe is deel van toegepaste navorsing en is as kwantitatiewe navorsingsontwerpe in die studie gebruik. Volgens Bless & Higson-Smith (1995:42) is die doel van verkennende navorsing om insig in 'n situasie, verskynsel, gemeenskap of persoon te kry. Die behoefte aan so 'n studie kan voortspruit uit 'n gebrek aan basiese inligting van 'n nuwe area of belangstellingsveld. Aangesien daar beperkte navorsing gedoen is oor die spesifieke onderwerp, was die verkennende ontwerp baie geskik wees vir die studie.

Die navorser het die impak van die Finansiële Beleid (1999) evalueer en het dus ook van die evaluatiewe navorsingsontwerp gebruik maak. In die geval van die evaluatiewe ontwerp is die doel om te sien hoe effektief 'n intervensie is (Bless & Higson-Smith, 1995:47). Die navorsingsontwerp wat in dié studie gebruik is, is die eenmalige gevallestudie. Fouché & De Vos (2002:140) definieer hierdie ontwerp as 'n ontwerp waar 'n persoon, groep of gebeurtenis wat aan 'n veranderingsagent onderwerp is, eenkeer bestudeer word om verandering waar te neem. Die veranderingsagent in dié geval is die Finansiële Beleid.

## 9. Navorsingprosedure en werkwyse

Die navorsingsprosedure en werkwyse word vervolgens aan die hand van data insamelingsmetodes, data-analise en die voorondersoek bespreek.

### 9.1 Data insamelingsmetodes

In hierdie studie is daar van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik gemaak vanweë die triangulasie fokus van die navorsing.

Aangesien die kwalitatiewe benadering meer dominant vir hierdie studie is, sal hierdie data-insamelingsmetode eerste bespreek word. Die primêre data-insamelingsmetode

in hierdie studie was fokusgroepe gewees. Fokusgroepe is een van die onderhoudsvoeringtegnieke in kwalitatiewe navorsing. Fokusgroepe word gebruik om vas te stel wat persone dink van 'n spesifieke onderwerp, produk of diens. Deelnemers word gekies omdat hulle sekere kenmerke in gemeen het wat verband hou met die onderwerp van die fokusgroep (Greeff, 2002: 305). Drie basiese wyses bestaan waarom 'n navorser van fokusgroepe gebruik sal maak, naamlik: (1) as primêre wyse waarop data ingesamel word; (2) ter aanvulling van ander data-insamelingsmetodes en (3) in multi-metode studies waar daar van meer as een metode gebruik gemaak word.

In hierdie studie wat gedoen is, is fokusgroepe hoofsaaklik gebruik as die primêre data-insamelingsmetode.

Die fokusgroepe is na aanleiding van De Vos (2002a:31) se strategie gewerf:

- Die navorser het 'n maand voor die fokusgroepbespreking met die fokusgroeprespondente kontak gemaak.
- Twee weke voor die bespreking het die respondente 'n brief van bevestiging ontvang.

Tydens die fokusgroepe is daar van 'n onderhoudskedule met fokusgroepvrae gebruik gemaak. Hierdie onderhoudskedule was semi-gestruktureereerd (sien Bylaag A). Volgens Greeff (2002:302) beteken dit dat die navorser voorafopgestelde vrae het, maar dat die navorser sensitief is vir die respondent en dus die vrae as riglyn gebruik om die onderhoud of bespreking te lei.

Die kwantitatiewe data-insamelingsmetode was in die vorm van 'n vraelys (sien Bylaag B) gewees en is as ondersteuning tot die primêre kwalitatiewe navorsing benut. Daar word onderskei tussen vyf verskillende tipes vraelyste. Die navorser het gebruik gemaak van die persoonlike geadministreerde vraelys. Vraelyste is persoonlik aan respondente gegee en die navorser was ten alle tye beskikbaar indien daar enige probleme of vrae was (Delport, 2002:173).

### 9.2 Data-analise

Leedy & Ormond (2001:153) noem dat die sentrale taak in die analise van kwalitatiewe data die identifisering van gemeenskaplike temas van mense se ervarings en hul verduidelikings is. Vyf stappe om fokusgroepbesprekings suksesvol te analiseer word deur Leedy & Ormond (2001:154) voorgestel, naamlik:

- onderhoude moet getranskribeer word;
- stellings wat met die tema te doen het moet geïdentifiseer word;
- stellings moet saamgegroepeer word in betekenisvolle eenhede;
- divergente perspektiewe moet uitgelig word; en
- ‘n samestelling moet gekonstrueer word.

Die kwantitatiewe data-analise is deur middel van een veranderlike analise geanaliseer. De Vos, Fouché & Venter (2002: 226) omskryf hierdie analise as die volgende: Een veranderlike word geanaliseer hoofsaaklik met die doel om daardie veranderlike te beskryf. Hierdie data word statisties op ‘n grafiese wyse voorgestel en bespreek.

Die navorser het na aanleiding van Leedy & Ormond se riglyne die fokusgroepbesprekings getranskribeer en temas uitgelig wat uit al die fokusgroepbesprekings na vore gekom het en dit gekategoriseer. Die analise van die data word in Hoofstuk 3 bespreek.

## 10. Voorondersoek

Die voorondersoek word deur die Nuwe Maatskaplike Werk Woordeboek (1995:45) beskryf as die proses waardeur die navorsingsontwerp getoets word. Die doel van die voorondersoek is om die sukses en die effektiwiteit van die ondersoek en vraelys te verhoog (De Vos, 1998:182). Die voorondersoek is dus die maatstaf waarteen die beoogde navorsingsprojek gemeet word om die potensiële sukses van die navorsing te bepaal.

Die voorondersoek sluit 'n literatuurstudie, konsultasie met kundiges, die uitvoerbaarheid van die ondersoek en die toetsing van die vraelys en fokusgroepskedule in.

## 10.1 Literatuurstudie

Volgens De Vos (1998:180) moet alle beskikbare literatuur wat oor die algemeen of wat spesifiek op die navorsing van toepassing is, oorsigtelik bestudeer word. Die doel is om die navorser te oriënteer ten opsigte van die spesifieke onderwerp. Verder kan dit aan die navorser ook moontlike slaggate ten opsigte van die navorsing uitwys.

Tydens die voorondersoek het die navorser 'n literatuurstudie oor ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering gedoen ten einde die Finansiële Beleid (1999) en die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) teoreties te konseptualiseer. Hoewel daar min literatuur tot op hede beskikbaar is oor die impak van die beleid, het die navorser literatuur oor die implementering van maatskaplike beleid in die breë bestudeer en van toepassing gemaak op die studie. Die navorser het in haar literatuurstudie baie sterk gefokus op sowel die proses van beleidsanalise as die beleidsformuleringsproses. Literatuur in die vorm van tydskrifartikels, joernale, verhandelings en beleidsdokumente is bestudeer.

## 10.2 Konsultasie met kenners/kundiges

Aangesien die werksterrein van maatskaplike werk so groot is, spesialiseer maatskaplike werkers in sekere areas. De Vos (1998:180) noem dat dit belangrik is om sodanige mense, wat lankal op 'n terrein aktief is, as hulpbronne te gebruik.

Die navorser het met die volgende twee kundiges gedurende die studie gekonsulteer, naamlik mev. Janet du Preez en ds. Sunette Pienaar:

- Mev. Janet Du Preez, Hoofdirekteur van Maatskaplike Dienste Gauteng, is genader vir inligting rondom die implementering van die Finansiële Beleid (1999) in die Gauteng Provinsie.

- Ds. S. Pienaar, Algemene Bestuurder by Heartbeat Centre for Community Development, is 'n kundige op die gebied van gemeenskapsontwikkeling. Haar kundigheid en ervaring ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling is sinvol geïntegreer in die ontwikkelingsgerigte fokus van hierdie studie.

## 10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die ondersoek wat die navorser gedoen het, het plaasgevind in 'n gemeenskap waar die navorser werk en reeds mee bekend is. Diensleweraars in die omgewing is toeganklik en die ondersoek was derhalwe maklik uitvoerbaar.

Strydom (2002a:219) is van mening dat die inligting wat tydens die vooronderzoek ingesamel word vir die navorser 'n goeie aanduiding kan gee van die koste en die lengte van die werklike ondersoek. Die kwalitatiewe aard van die navorsing impliseer dat die studie meer tydsintensief was.

Die navorsing was koste-effektief, aangesien Heartbeat 'n kantoor in Atteridgeville het. Hierdie kantoor is maklik bereikbaar vir die respondente wat by die studie betrek is. Die navorser se uitgawes was slegs tot administratiewe aspekte beperk.

## 10.4 Toetsing van vraelys en fokusgroepskedule

Die onderhoudskedule vir die fokusgroep is getoets ten einde die nodige aanpassings te maak. Die loodsfokusgroep het uit twee gemeenskapslede bestaan wat deur middel van dieselfde metode van steekproeftrekking geselekteer is. Uit die loodsfokusgroep was dit duidelik dat daar vrae was wat oorvleuel het en die navorser kon dit sinvol herstruktureer.

'n Loodstudie vir die vraelys het op dieselfde wyse geskied. Twee maatskaplike werkers is geïdentifiseer om die vraelys in te vul. Die enigste probleem wat deur die twee maatskaplike werkers uitgewys is, was tegnies van aard, naamlik die numering van die vraelys. Die onderskeie respondente van die twee loodstudies is nie in die hoofondersoek betrek nie.

## 11. Omskrywing van universum, populasie, afbakening van steekproef en wyse van steekproeftrekking

### 11.1 Universum

Universum verwys na die totale aantal gevalle waarop 'n resultaat of stelling betrekking het en of al hierdie gevalle beskikbaar is vir die navorsing of nie (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1993:279). Die universum in hierdie studie was die totale gemeenskap van Atteridgeville.

### 11.2 Populasie

Die populasie is die stel elemente verkry uit die universum waarop die navorsing fokus en waarheen die resultate, soos bekom deur die steekproef veralgemeen word (Bless & Higson-Smith, 1995:87).

Die populasie van die voorgestelde navorsing is gemeenskapslede in Atteridgeville wat maatskaplike dienste ontvang. Na raming is daar ongeveer 5 000 mense wat van maatskaplike diensleweraars se dienste gebruik maak. Daar is agt organisasies wat maatskaplike dienste lewer.

### 11.3 Afbakening en steekproeftrekking

Plug, et al (1993:347) definieer 'n steekproef as 'n eindige aantal gevalle wat as verteenwoordigend van 'n populasie beskou word en wat bestudeer word met die doel om uitsprake oor die populasie as geheel te maak.

Die voordele van 'n steekproef word deur Bless & Higson-Smith (1995:60) genoem. 'n Steekproef is tydseffektief, koste-effektief en is soms die enigste praktiese metode om data in te samel.

Daar is twee groepe van steekproeftrekkingsmetodes, naamlik waarskynklikheids- en nie-waarskynlikheids steekproeftrekking (Strydom & Venter, 2002:203). Vir die

ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n metode wat binne die nie-waarskynlikheidsteekproeftrekking val, naamlik doelgerigte steekproeftrekking.

Doelgerigte steekproeftrekking is gebruik om die gemeenskapslede sowel as die maatskaplike diensleweraars in die gemeenskap te selekteer. Strydom & Venter (2002:207) noem dat hierdie tipe steekproeftrekking bestaan uit elemente en kenmerke wat verteenwoordigend is van die respondente. Respondente moes dus sekere eienskappe besit ten einde geselekteer te word vir die navorsingsprojek. Die volgende eienskappe en kenmerke is ingedagte gehou ten tye van die seleksie van die steekproef:

- Gemeenskapslede moes vir die afgelope drie jaar aan maatskaplike diensleweraars blootgestel gewees het. Drie groepe met 'n totaal van 24 mense het deelgeneem aan die fokusgroepbespreking.

- Maatskaplike diensleweraars moes (1) binne die ontwikkelingsgerigte benadering diens lewer, (2) aan 'n verskeidenheid van teikengroepe dienste lewer en (3) sedert 1999 in die praktyk staan.

Uit die gemeenskap het 24 respondente deelgeneem aan die fokusgroepbesprekings terwyl 8 maatskaplike diensleweraars as respondente opgetree het.

## 12. Etiese kwessies

Strydom (2002b:65-73) noem agt etiese kwessies wat 'n navorser in ag moet neem wanneer die navorsing gedoen word. Vervolgens word hierdie kwessies bespreek soos dit van toepassing is op die studie.

- Ingeligte toestemming: die navorser het 'n plig teenoor die respondente om die hele proses van deelname aan so 'n navorsingsproses, vanaf die doelstellings tot by die voor- en nadele, te verduidelik. Die respondente moet hierna toestemming verleen dat hulle aan die navorsing sal deelneem. In hierdie studie het die navorser seker gemaak dat alle respondente verstaan

waaroor die navorsing gaan. Die navorser het, waar van toepassing, van tolke gebruik gemaak om te verseker dat almal verstaan. Respondente het skriftelik toestemming verleen dat hulle bereid is om aan die navosing deel te neem en aangedui dat hulle verstaan dat hulle te enige tyd kon onttrek van die navorsingsproses indien hulle sou wou (Sien bylaag C vir toestemmingsbrief).

- Misleiding van respondente: Respondente mag nooit doelbewus mislei word met betrekking tot enige deel van die navorsing nie. Die navorser het toegesien dat repondente akkurate inligting kry oor die navorsingsprojek en seker gemaak dat alle misverstande of vaagheid uit die weg geruim is. Hierdie inligting is in ‘n brief sowel as persoonlik met respondente bespreek.
- Verbreking van privaatheid/anonimiteit en vertroulikheid: Die navorser het aan respondente die versekering gee dat hulle privaatheid en konfidensialiteit gerespekteer sal word. (Sien Bylaag C vir toestemmingsbrief.)
- Aksies en bevoegdheid van navorser: Die navorser beskou haarself as bevoegd om die navorsing op ‘n professionele wyse uit te voer.
- Vrystelling van die publikasie van die bevindinge: Die navorsingsbevindinge sal in ‘n vaktydskif gepubliseer ten einde die maatskaplike werk-kennisbasis uit te bou.

## 13. Definisies van hoofkonsepte

Die volgende kernbegrippe is relevant vir die studie:

### 13.1 Finansiële Beleid vir Ontwikkelingsgerigte Maatskaplike Welsyn

Die visie van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:15) is om ‘n welsynssisteem daar te stel wat menslike kapasiteit en selfonderhouding fasiliteer binne ‘n instaatstellende sosio-ekonomiese omgewing. Die Finansiële Beleid (1999) is die instrument waardeur die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) geïmplementeer moet word.

Die Finansiële Beleid (1999) se doel is om welsynsbefondsing te rasionaliseer, om begunstigdes te teiken en voordele gelyk te versprei, om te verseker dat hulpbronne

effektief benut word en hierdeur die ongeregtighede van die huidige verspreiding van hulpbronne reg te stel (Finansiële Beleid, 1999:4).

### 13.2 Gemeenskap

Plug, et al (1993:118) definieer gemeenskap as ‘n groep persone wat dieselfde belange of doelstellings het.

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:11) definieer gemeenskap as ‘n samestelling van mense wat in dieselfde geografiese area woon en wat betrokke is bymekaar deur middel van interaksie en wat onderling ‘n band het met mekaar asook met die plek waar hulle woonagtig is.

Aangesien die navorser die ondersoek binne ‘n spesifieke geografiese area gedoen het, word gemeenskap deur die navorser gedefinieer as ‘n geografiese area waar ‘n groep mense woonagtig is wat gemeenskaplike belange deel en onderling in interaksie is met mekaar.

### 13.3 Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn

Die Witskrif vir Maatskaplike Ontwikkeling (1997:15) definieer die verband tussen maatskaplike welsyn en maatskaplike ontwikkeling soos volg: Maatskaplike welsyn verwys na die geïntegreerde en omvattende sisteem van maatskaplike dienste, fasiliteite, en programme wat maatskaplike ontwikkeling, maatskaplike regverdigheid en die maatskaplike funksionering van mense bevorder. Die maatskaplike programme is ook deel van ‘n reeks van meganismes wat maatskaplike ontwikkeling ten doel het.

Midgley (1996:2) noem dat die ontwikkelingsgerigte benadering in maatskaplike welsyn maatskaplike en ekonomiese beleid in ‘n dinamiese ontwikkelingsproses harmoniseer.

Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn is dus ‘n omvattende en geïntegreerde benadering wat maatskaplike en ekonomiese komponente harmoniseer om maatskaplike ontwikkeling by individue, groepe en gemeenskappe te bewerkstellig.

### 13.4 Maatskaplike dienslewering

Johnson & Schwartz (in Potgieter, 1998:14) maak die stelling dat maatskaplike dienste en versorging nie-monêtere hulp bied wat mense se vermoë om beter in die gemeenskap te funksioneer verhoog.

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:59) definieer maatskaplkie dienste as programme wat ontwerp is om mense te help om hul maatskaplike probleme op te los en hul maatskaplike funksionering te verbeter.

In hierdie studie word maatskaplike dienslewering beskou as dienste gelewer binne die welsynsisteem om mense se maatskaplike funksionering in wisselwerking met die omgewing te verhoog en te bevorder.

### 13.5 Impak

Hudson in De Vos (2002c: 383) definieer impak as ‘n tasbare en meetbare verandering.

Rossi & Freeman (in De Vos, 2002c:383) sluit hierby aan en maak die stelling dat ‘n impakasssessering die mate toets waarin ‘n program verandering in die gewenste rigting bewerkstellig.

Die navorser wil dus toets watter verandering die Finansële Beleid (1999) op maatskaplike dienslewering het met betrekking tot ontwikkelingsgerigte dienslewering. Hierdie verandering sal dus tasbaar en meetbaar moet wees om die impak daarvan te bepaal.

### 13.6 Evaluasie

Suchman (in De Vos, 2002b:374) definieer evaluasie as die algemene proses waartydens die waarde van iets opgeweeg en geassesseer word.

Clarke (1996:210) definieer evaluasie as 'n twee-snydende swaard wat enersyds die effek van 'n program bepaal en andersyds 'n toekomsplan uitstip.

In hierdie studie sal die navorser dus die waarde van die Finansiële Beleid (1999) ten opsigte van die impak wat dit op 'n ontwikkelingsgerigte benadering in Atterridgeville maak, opweeg en assesseer.

### 13.7 Atteridgeville

Atteridgeville is 'n stedelike gemeenskap wat deel is van die Tshwane Metropolitaanse gebied. Die gemeenskap is geleë aan die westekant van dié metropool. Die behuising wissel vanaf formele behuising tot 'n groot gedeelte wat uit informele behuising bestaan. Goeie infrastruktuur is in die gemeenskap aanwesig.

## 14. Leemtes in studie

- Die taalverskil tussen die navorser en die respondente tydens die fokusgroepe was 'n leemte, aangesien sekere inligting tog verlore gegaan het tydens die tolkproses.
- Die opset in die gemeenskap was nie altyd bevorderlik vir fokusgroepbesprekings nie. Daar was baie steurnisse in die omgewing waaroor die navorser geen beheer gehad het nie.

## 15. Indeling van hoofstukke

Die indeling van die hoofstukke lyk soos volg:

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

Hoofstuk 1: Algemene inleiding tot die studie

Hoofstuk 2: Literatuurstudie met betrekking tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering en de Finansiële Beleid (1999).

Hoofstuk 3: Empiriese ondersoek waarin die navorsingsbevindings weergegee en bespreek word.

Hoofstuk 4: Samevatting van sleutelbevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings.

# HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK VIR MAATSKAPLIKE DIENSLEWERING

## 1. Inleiding

Die Finansiële Beleid (1999) is ’n maatskaplike beleid wat deur die regering in werking gestel is om die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) prakties tot uitvoering te bring. Ten einde ‘n beter begrip te kry van die omvang van die Finansiële Beleid (1999) is dit nodig om ‘n oorsig te gee van die raamwerk waarbinne hierdie dokument opereer asook die betekenis van relevante begrippe en kontstrukte wat hierin vervat is.

In Hoofstuk 1 is reeds gemeld dat die navorser die impak van die Finansiële Beleid (1999) wil evalueer. Beleidsanalise het ‘n belangrike rol gespeel in die studie, aangesien die Finansiële Beleid (1999) tot ‘n mate geanaliseer gaan word ten einde die impak daarvan te bepaal.

In hierdie hoofstuk gaan daar eerstens na die agtergrond van die Finansiële Beleid (1999) gekyk word. Beleidsanalise en die proses van beleidmaking sal hierna bespreek word. ’n Bespreking oor maatskaplike welsyn en ontwikkeling sal hierop volg om die konteks waarbinne die Finansiële Beleid (1999) geskryf is, aan te dui. Die hoofstuk word afgesluit met ’n oorsig oor die beginsels, die diensleweringsraamwerk en implikasies van die Finansiële Beleid (1999).

Vervolgens word daar eerstens na die agtergrond van die Finansiële Beleid (1999) gekyk.

## 2. Agtergrond tot die Finansiële Beleid

Reeds in die inleiding is gemeld dat die Finansiële Beleid (1999) ‘n praktiese instrument is wat die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) moet laat realiseer.

Die visie en missie van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) lê dus die basis vir die Finansiële Beleid (1999).

Die Visie van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:15) (vry vertaal) lui soos volg:

"'n Welsynsisteem wat die ontwikkeling van menslike kapsiteit en selfonderhouding fasiliteer binne 'n ondersteunende en instaatstellende sosio-ekonomiese omgewing."

Die missie van die Witskrif (1997:15) (vry vertaal) lui as volg:

"Om 'n selfonderhoudende nasie te dien en te bou in samewerking met al die rolspelers deur 'n geïntegreerde maatskaplike welsynsiteem wat die bestaande potensiaal maksimaal ontwikkel en wat gelyk, volhoubaar, toeganklik, mens-gesentreerd en ontwikkkelingsgerig is."

Die doel van die Finansiële Beleid (1999) word soos volg in Hoofstuk 3 van die beleid uiteengesit:

- Om befondsing te rasionaliseer.
- Om op teikengroepe te fokus en voordele eweredig te versprei.
- Om te verseker dat hulpbronne effektief en doetreffend gebruik word; en
- Om ongeregtigheid, wat deur die huidige ongebalanseerde allokering van hulpbronne veroorsaak word, reg te stel.

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) en die Finansiële Beleid (1999) het dus ten doel om 'n samelewing daar te stel waar alle mense gelykmatig regte en toegang het tot hulpbronne wat ontwikkeling by individue, gesinne en die gemeenskap teweeg sal bring.

## 3. Beleidsanalise

Dunn (1994:1) definieer beleidsanalise as die aktiwiteit waar kennis van en in die proses van beleidmaking geskep word. Analiste ondersoek die oorsake, gevolge en impak van openbare beleid en programme.

Hart (1995:15) sluit hierby aan en noem dat beleidsanalise mense van hulp is wanneer hulle die beste keuse in spesifieke omstandighede moet maak.

Beleidsanalise stel dus beleidformuleerders instaat om ingeligte besluite oor beleidskwessies te neem.

Hart (1995:15) noem dat beleidsanalise belangrik is vir die volgende vier redes:

- Dit bied die beste instrumente om die beste koers van aksie aan te dui;
- Dit identifiseer redes waarom een koers van aksie bo ander verkies word.
- Dit stel mense instaat om beleidsvoorstelle van ander te ontleed en die sterk– en swakpunte te identifiseer.
- Dit verseker dat verskeie besluite wat benodig word om probleme op verskillende vlakke aan te spreek, in ooreenstemming is met mekaar.

In die geval van die Finansiële Beleid (1999) is dit belangrik om te fokus op die bogenoemde punte. Die navorser het dit nodig gevind om ook die proses van beleidsanalise te bespreek ten einde die Finansiële Beleid (1999) se impak te kan verstaan. Die bevindinge van hierdie studie kan benut word as ‘n analise vir die herformulering van die Finansiële Beleid (1999).

### 3.1 Die proses van beleidsanalise

Beleidsanalise bestaan hoofsaaklik uit vyf algemene stappe of prosedures wat inligting gee oor vyf verskillende beleidsterreine (Dunn, 1994:14). Die vyf prosedures kan soos volg beskryf word:

- Probleemstrukturering

Hierdie prosedure het te doen met die toestande wat aanleiding gegee het tot die beleidsprobleem. Die probleemstrukturering gee dus inligting weer oor die aard van die beleidsprobleme.

Soos reeds in die agtergrond tot die Finansiële Beleid (1999) genoem is, het hierdie beleid ten doel om die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) prakties tot uitvoering te bring. Die beleidsprobleme wat in praktyk ervaar word, is dat die Finansiële Beleid (1999) nie die Witskrif se visie of missie op die grondvlak sigbaar realiseer nie.

- Vooruitskouing

Vooruitskouing voorsien die inligting oor die toekomstige gevolge wat beleidsalternatiewe kan bied. Vooruitskouing bied inligting ten opsigte van die area van beleidstoekoms.

Gebaseer op die bevindings van die analise van die Finansiële Beleid (1999) se impak op Atterdigeville, maak die navorser in die laaste hoofstuk van dié navorsingsverslag, aanbevelings wat kan dien as die vooruitskouing van alternatiewe.

- Aanbevelings

Die derde prosedure in beleidsanalise sluit baie nou aan by vooruitskouing. Die aanbevelings voorsien inligting oor die waarde van die toekomstige gevolge soos uiteengesit in die vooruitskouing.

Ten einde die beste alternatief aan te beveel is dit nodig dat daar na sekere besluitnemingskriteria gekyk moet word. Dunn (1994:307) noem ses besluitnemingskriteria, naamlik: effektiwiteit, doeltreffendheid, toereikenheid van die alternatief, die verantwoordbaarheid van die alternatief, bevordering van gelykheid en toepaslikheid van die alternatief.

Die waarde van die aanbevelings sal na aanleiding van hierdie besluitnemingskriteria in die laaste hoofstuk uitgewys word.

- Monitering

Monitering voorsien inligting oor die beleidsalternatiewe wat alreeds geïmplementeer is. Hierdie prosedure bied ook inligting oor die beleidsuitkomste tot op hede.

Dunn (1994:335) noem dat monitering vier hooffunksies het:

❖ Gelykvormigheid: Is die program in ooreeenstemming met die standaarde van die wetgewing?
❖ Oudit: Het die program die teikengroepe bereik?
❖ Verantwoording: Is die instrument wat verandering in die implementering van beleid verklaar?
❖ Verduideliking: Gee 'n verklaring vir die verskil in beleidsuitkomste.

Die vraag wat met monitering gevra word is: Watter verskil het die beleid gemaak? Die navorser wil juis met hierdie studie vasstel watter verskil die Finansiële Beleid (1999) in 'n spesifieke area, naamlik Atteridgeville, gemaak het.

- Evaluasie

Die laaste prosedure wat tydens beleidsanalise uitgevoer moet word is die van evaluasie. Evaluasie kyk na die gevolge van die alternatiewe wat alreeds geïmplementeer is om die probleem aan te spreek. Inligting aangaande die volvoering van die beleid kan deur middel van hierdie prosedure versamel word.

Die navorser het met die studie die vordering ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999) die afgelope vier jaar probeer bepaal.

Die proses van beleidsanalise is dus ‘n kernproses wat deurentyd in gedagte gehou moet word wanneer daar na die Finansiële Beleid (1999) gekyk word. Beleidsanalise is ‘n integrale deel van die beleidmakingsproses.

Vervolgens sal die navorser baie kortliks aan die proses van beleidmaking aandag gee met die doel om die verhouding tussen beleidsanalise en die beleidbemakingsproses uit te lig.

## 3.2 Beleidmaking

Dunn (1994:14) noem dat beleidsanalise daarop gerig is om beleidsrelevante inligting te ontwikkel, te assesseer en te kommunikeer binne een of meer van die fases van die beleidmakingsposes.

Die beleidmakingsproses onderskei vyf fases:

- Agenda opstelling: Nadat die probleem gestruktureer is word dit op die agenda van regeringsamptenare geplaas om te bespreek.
- Beleidsformulering: Nadat die agenda opgestel is en die vooruitskouing van die beleidsanalise in ag geneem is word alternatiewe beleid geformuleer om die beleidskwessie aan te spreek.
- Beleidsaanvaarding: Realiseer met die aanbevelings in gedagte en wanneer die gevolge van die alternatiewe geanaliseer is. Die beleidsalternatief word aanvaar met die ondersteuning van die wettige meerderheid.
- Beleidsimplementering: Volg op die aanvaarding van die beleid en word uitgevoer deur die administratiewe eenhede. Daarna word die beleid gemonitor om die impak daarvan op die verligting van die probleem te bepaal.
- Beleidsassessering: Na die evaluasie van die beleid moet die beleid geassesseer word om vas te stel of almal wat betrokke is in ooreenstemming met die beleid optree en of die beleid die beoogde effek gehad het.

Die navorser fokus dus in hierdie studie op beleidsimplementering asook die assessering van beleid.

Wanneer die agtergrond van die Finansiële Beleid (1999) asook die proses van beleidsanalise in oënskou geneem word, is dit belangrik om te gaan kyk in watter konteks dit geskryf is. Die Finansiële Beleid (1999) is 'n uitvloeisel van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) wat weer gekontekstualiseer is in 'n ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsbeleid. Die Finansiële Beleid (1999) moet dus in praktyk die beginsels van die Witskrif vir Maatskaplike Ontwikkeling ondersteun en ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn 'n realiteit in Suid Afrika maak.

In die gedeelte wat volg word die ingyrypende verandering wat die Finansiële Beleid (1999) veronderstel was om te bring, bespreek.

## 4. Maatskaplike Welsyn en Maatskaplike Ontwikkeling

### 4.1 Maatskaplike Welsyn

Homan (1994: 37) noem dat daar drie perspektiewe bestaan met betrekking tot maatskaplike welsyn:

- Residiële benadering: Gesinne en indivudue is die fokus van hierdie benadering.
- Die institusionele benadering: Hierdie benadering poog om gedeelde maatskaplike probleme aan te spreek wat deur die samelewing as geheel ervaar word
- Ontwikkelingsgerigte benadering: Hierdie benadering fokus op menslike ontwikkeling en die bevordering van menslike potensiaal.

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:15) definieer maatskaplike welsyn as 'n geïntegreerde en omvattende sisteem van maatskaplike dienste, fasiliteite, maatskaplike geregtigheid en maatskaplike funksionering van mense.

Midgley (1995:14) definieer maatskaplike welsyn as 'n toestand wat uit drie elemente bestaan: 1) die graad waartoe maatskaplike probleme bestuur word; 2) die mate

waarin behoeftes aangespreek word en 3) die mate waartoe geleenthede vir bevordering geskep en gelewer word.

Die Finansiële Beleid (1999) lui verder dat die doel van maatskaplike welsyn is om die welstand van individue, gesinne en gemeenskappe te bevorder.

Maatskaplike welsyn is dus ‘n toestand waar individue, gesinne en die gemeenskap se behoeftes aangespreek word deur maatskaplike dienste en fasiliteite wat lei tot maatskaplike geregtigheid en die optimale funksionering van mense.

Vanuit hierdie definisies is dit duidelik dat maatskaplike welsyn al drie welsynsperspektiewe aanspreek soos deur Homan genoem, naamlik die residiële benadering, die institusionele benadering asook die ontwikkeligsgerigte benadering.

## 4.2 Maatskaplike ontwikkeling

Midgley (1995:25) definieer maatskaplike ontwikkeling as die proses van beplande maatskaplike verandering wat ontwerp is om die welstand van die populasie as ‘n geheel, in samewerking met ‘n dinamiese proses van ekonomiese ontwikkeling, te bevorder.

Lombard (1996:1) omskryf ‘n maatskaplike ontwikkelingsbenadering as ‘n benadering wat individue, groepe, gesinne en gemeenskappe behulpsaam is maar op ‘n alternatiewe manier, deur menslike hulpbronne te ontwikkel, en waar moontlik, ekonomiese ontwikkeling te bevorder.

Belangrik is die feit dat maatskaplike ontwikkeling ook op drie vlakke plaasvind, aldus Billups (1990:20). Hierdie vlakke kan soos volg beskryf word:

- Mikro-maatskaplike ontwikkeling het te doen met die fasilitering van die vordering wat individue of gesinne toon soos wat hulle deur verskillende lewensfases en take beweeg. Dit vind plaas binne ’n raamwerk van konstante interaksie met die groeiende menslike omgewing.

- Mezzo-maatskaplike ontwikkeling is baie nou verbind aan mikro-maatskaplike ontwikkeling omdat dit verwys na die pogings wat aangewend word om programme en beleid wat mense se lewens affekteer, te inisieer, ontwerp, ontwikkel, beïnvloed, te bestuur en te evalueer.
- Makro- maatskaplike ontwikkeling word deur Maas (in Billups, 1990:20) omskryf as die beplande verandering in gemeenskappe en nasies wat die inwoners se kwaliteit lewe beïnvloed en die vorming en groei van maatskaplike dienste en ander komponente van die samelewing, wat die gemeenskap se lewe kan bevorder, insluit.

Die fokus van maatskaplike welsyn en maatskaplike ontwikkeling kom dus ooreen, aangesien beide fokus op die welsyn en welstand van mense. Maatskaplike ontwikkeling het egter ‘n tweede fokus, naamlik ekonomiese ontwikkeling.

## 5. Beginsels in die Finansiële Beleid

Die beginsels wat vervat word in die Finansiële Beleid (1999) beskou die navorser as inherent tot die raamwerk van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste. Dié beginsels is die fondament waarop transformasie moet plaasvind. Elkeen van hierdie beginsels sal uitgelig en bespreek word.

### 5.1 Verantwoordbaarheid

Die nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:1) definieer verantwoordbaarheid as die plig wat die maatskaplike werker en welsysorganisasie het om verantwoordbaar te wees teenoor kliënte, befondsers, bestuurstrukture, die publiek en die spesifieke regeringsinstitusies ten opsigte van die reeks en kwaliteit van die dienste wat verskaf word, die verspreiding en gebruik van hulpbronne asook die verwesenliking van doelstellings.

Die Finansiële Beleid (1999:9) noem dat verantwoordbaarheid van toepassing is op alle diensleweraars se intervensies met die geïdentifiseerde teikengroepe soos

uiteengesit in beleid. Dienslewераars moet verantwoordbaar wees ten opsigte van toepaslike en kwaliteit dienste.

Verantwoordbaarheid het ook te doen met die sigbaarheid van dienslewering.

## 5.2 Bemagtiging

Potgieter (1998:120) verwys na Cronjé se omskrywing van bemagtiging, naamlik dat die maatskaplike werker wat kliënte bemagtig, geloof het in hulle vermoëns, vaardighede en kennis wat reeds bestaan of wat bereikbaar is, en derhalwe sal fokus op die identifikasie van sterkpunte wat verandering kan fasiliteer. Potgieter gaan voort deur te sê dat die doel van bemagtiging is om magteloosheid wat bestaan as gevolg van negatiewe ervarings te veminder deur die struikelblokke wat bydra tot sulke situasies te verwyder.

Die Witskrif van Maatskaplike Welsyn (1997:93) omskryf bemagtiging as die proses om persoonlike, interpersoonlike en politiese mag te verhoog om sodoende individue of gemeenskappe instaat te stel om hulle lewensomstandighede te verbeter.

Bemagtiging gaan dus daaroor om mense of gemeenskappe binne hulle eie omgewing mag te gee om sodoende self hul omstandighede te verander. In die praktyk is dit dikwels die geval dat maatskaplike dienslewераars hierdie mag vir hulself behou en nie mense instaat stel om self hul omstandighede te verander nie.

## 5.3 Deelname

Die Witskif vir Maatskaplike Welsyn (1997:11) beklemtoon dat deelname een van die kritiese probleme is wat geïdentifiseer is binne die welsynsiteem en juis daarom is hierdie beginsel in die Finansiële Beleid (1999) van uiterse belang.

Die Finansiële Beleid (1999:9) noem dat alle teikengroepe aktief betrek moet word by alle fases van die intervensieproses.

Diensleweraars moet dus in ag neem dat wanneer hulle met ’n kliënt begin werk daardie kliënt die reg het tot deelname in alle fases van die proses om sodoende individuele of gesamentlike groei te bewerkstellig asook ’n gevoel van geborgenheid te ervaar.

Die beginsel van deelname is veral belangrik waar gemeenskapsonwikkeling ter sprake is. Die deelname van die gemeenskap in die gemeenskapsontwikkelingsproses is baie belangrik vir volhoubare projekte

### 5.4 Gesinsgesentreerd

Dienste moet binne die gesin, uitgebreide gesin en gemeenskap gekontekstualiseer word. Ondersteuning en bemagtiging van gesinne moet gefasiliteer word deur deurlopende ontwikkelingsassessering en programme wat die gesin se ontwikkeling oor ‘n tydperk sal versterk (Finansiele Beleid, 1999:9).

### 5.5 Gemeenskapsgesentreerd

Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:11) kan gemeenskap gedefineer word as ’n samestelling van mense wat in een geografiese area bly, wat betrokke is in interaksie met mekaar en wat met mekaar en die plek waar hulle bly gebind het.

’n Gemeenskapsgesenstreerde benadering tot welsyn is dus gefokus op ondersteuning en die hulp wat aan individue binne die groter konteks van die samelewing gegee word.

Dienste moet gekontekstualiseer word binne die gemeenskapsomgewing en die ondersteuning en bemagtiging van gemeenskappe moet plaasvind deur deurlopende ontwikkelingsassessering en programme wat die gemeenskap se ontwikkeling oor ’n tydperk sal versterk.

## 5.6 Kontinuum van sorg en ontwikkeling

Versorging kan gedefineer word as die lewering van dienste om mense se fisiese, sielkundige en materiële behoeftes te bevredig wanneer hulle dit vir nie hulself kan doen nie (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:6).

Ontwikkeling kan vervolgens gedefineer word as ’n proses wat die gewensde rigting waarin ’n groep of gemeenskap beweeg aandui, om sodoende ekonomiese vooruitgang, politiese deelname en maatskaplike rekonstruksie te bewerkstellig (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:18).

Die konsepte van sorg en onwikkeling dek dus die spektrum vanaf die individu tot by die gemeenskap. Die Finansiële Beleid (1999:9) vra dan ook dat teikengroepe sal toegang hê tot ’n reeks van gedifferensieerde en geïntegreerde dienste op ’n kontinuum van versorging en ontwikkeling, wat toegang tot die minste beperkte en mees bemagtigende omgewing en/of programme wat toepaslik is vir individuele ontwikkeling en terapeutiese behoeftes sal aanspreek..

## 5.7 Integrasie

Volgens die Finansiële Beleid (1999:9) moet dienste aan kinders, jeug, gesinne, vrouens en ouer persone holisties, inter-sektoraal en deur ‘n toepaslike multi-dissiplinêre span gelewer word.

‘n Individu moet gesien word as meer as die geheel van die verskillende dele en probleme moet in ‘n breër konteks gesien en aangespreek word (Barker 1988: 70). ’n Spanlid wat holisties te werk gaan, integreer al die sosiale, kulturele, sielkundige en fisiese invloede op die individu.

Volgens die Strategiese Plan van die Departement vir Maatskaplike Ontwikkeling (2003/2004:21) is een van die prioriteitsareas van die Departement sosiale integrasie. Sosiale integrasie sluit die herbouing van gesinne en gemeenskappe deur beleid en

programme in wat die jeug, ouer persone, mense met gestremdheid, sowel as vrouens sal bemagtig.

Alle dienste moet dus op 'n holistiese manier aan veral die teikengroepe van die Finansiële Beleid (1999) gelewer word.

## 5.8 Normalisasie

Die Finansiële Beleid (1999:9) beskou normalisasie as dat die teikengroepe blootgestel moet word aan normatiewe uitdagings, aktiwiteite en geleenthede wat deelname en ontwikkeling bevorder.

Volgens Plug, Meyer & Louw (1993:238) kan 'n individu wat streef na die waarheid, geregtigheid en verantwoordelikheid as 'n normatiewe persoon gesien word. Hierdie normatiewe strewe gee betekenis aan die persoon se lewe.

## 5.9 Effektiwiteit en Doeltreffendheid

Plug, et al (1993:70) beskryf *effektiwiteit en doeltreffendheid* soos volg: "Effektiwiteit en doeltreffendheid kan gesien word as die mate waartoe iemand 'n spesifieke taak suksesvol uitvoer."

Maatskaplike dienste aan die teikengroepe moet dus op die effektiefste en doeltreffendste wyses gelewer word.

## 5.10 Persoongesentreerd

Persoongesentreerde of nie-direktiewe terapie kan gedefinieer word as 'n benadering waarby 'n terapeut homself/haarself probeer distansieer daarvan om vir die klient raad of advies te gee (Plug, et al, 1995:236).

‘n Persoonsgesentreerde benadering of diens impliseer dat mense erken word as individue wat van mekaar verskil en wat verskillende behoeftes het. Die Finansiële Beleid (1999:9) sluit hierby aan en noem dat elke individu, gesin of gemeenskap sy eie dinamiek het en derhalwe hanteer moet word op ’n unieke wyse.

### 5.11 Regte

Barker (1988:14) definieer regte as die verpligting van die samelewing teenoor elk van sy lede, dit wat geregtelik of moreel verskuldig is aan ‘n individu en wat deur so ‘n individu vereis kan word.

Die Finansiële Beleid (1999:14) sluit hierby aan deur te noem dat die regte van die teikengroepe soos daargestel deur die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) en die verskeidenheid ander internasionale konvensies beskerm moet word.

Hoewel Suid-Afrika se Grondwet ’n handves van menseregte insluit, beleef mense dikwels dat hul regte nie gerespekteer word nie. Programme om gelykheid van mense se regte te verseker is van die grootste belang.

### 5.12 Herstelde geregtigheid *(Restorative justice)*

Hierdie beginsel is gerig op die teikengroep wat met die gereg gebots het en moet fokus op die herstel van gemeenskapsharmonie en om die foute reg te stel, eerder as om dit te straf. Die persoon moet verantwoording doen vir sy/haar optrede en waar moontlik moet hy/sy die slagoffer vergoed (Finansiële Beleid, 1999:9).

In die praktyk is die toepassing van hierdie beginsel in die beginfase. Dienste wat deur die polisiemag gelewer word is dikwels ontoereikend en sake word in baie gevalle nie opgevolg of opgelos nie.

### 5.13 Toepaslikheid

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:92) omskryf toepaslike dienslewering as toepaslike programme en dienste, benaderings en metodes wat reageer op die maatskaplike behoeftes en probleme van mense en wat toeganklik is te midde van enige sosiale, kulturele, ekonomiese en politiese toestande.

Die Finansiële Beleid (1999:9) ondersteun dié standpunt en beklemtoon dat alle dienslewering aan die teikengroepe toepaslik moet wees vir die individu, gesin en gemeenskap.

Diensleweraars moet dus behoeftes in die gemeenskap waar hulle werk assesseer om te verseker dat dienslewering toepaslik is.

### 5.14 Gesinsbewaring

Volgens die Finansiële Beleid (1999:10) moet gesinne bewaar word deur alle dienslewering aan kinders, jeug, vrouens en ouer mense, waar moontlik, binne die gesin of die gemeenskapskapskonteks te laat geskied.

Tracy (1995:375) noem dat die meeste gesinsbewaringsdienste die volgende waardes onderskryf:

- Die gesin het 'n groot invloed op kinders en moet onderhou en ondersteun word waar moontlik.
- Kinders het kontinuïteit en stabiliteit in hul lewe nodig en die meeste kinders vaar beter binne hul eie gesinne as in substituutsorg.
- Verwydering van kinders het negatiewe gevolge op beide die ouers en kinders.
- Die eerste en grootste belegging moet in voorplasingsdienste gemaak word en die samelewing moet bereid wees om net soveel tyd aan die behoud van die gesin te spandeer as aan die plasing in substituutsorg self.

- Tydsbeperkte, intensiewe en omvattende dienste moet voorsien word wat in ooreenstemming is met die behoeftes en prioriteite van die gesin.

Hierdie beginsels onderskryf die uitgangspunt van die Finansiële Beleid (1999), naamlik om alle teikengroepe sover moontlik binne die gesin of gemeenskap van oorsprong te hou. In die praktyk word daar egter nogsteeds baie gefokus op substituutsorg. In hoofstuk 1 is daar reeds melding gemaak van die aantal pleegsorggevalle wat een van die diensleweraars behartig.

### 5.15 Permanentheidsbeplanning

Elke jong persoon moet binne die kontinuum van versorging en ontwikkeling die geleentheid hê om lewenslange verhoudinge binne die gesins- en/of gemeenskapskontekste te bou en instand te hou.

### 5.16 Afrika Renaissance

Die Finansiële Beleid (1999:11) lewer ‘n pleidooi dat alle dienste aan kinders, jeugdiges, gesinne, vrouens en ouer persone ‘n begrip vir die Afrikakonteks sal hê en Afrika Renaissance doelbewus sal ondersteun.

In die praktyk word daar nie baie gedoen om hierdie beginsel te bevorder nie, aangesien daar dikwels verwarring is oor wat daar bedoel word met Afrika Renaissance. Die gevolge van ongelykheid en ongeregtigheid is steeds sigbaar in gemeenskappe, wat daartoe lei dat daar steeds nie ‘n gevoel van eenheid onder mense van verskillende rasse en kultuuragtergronde is nie. Hierdie feit maak die implementering van Afrika Renaissance baie moeilik.

In die lig van beleidsanalise moet die toepassing van hierdie beginsels binne gemeenskappe gemonitor en geëvalueer word. In aansluiting by hierdie bespreking, maak die navorser in Hoofstuk 4 gevolgtrekkings ten opsigte van die praktiese toepassing van hierdie beginsels.

## 6. Diensleweringsraamwerk vir die Finansiële Beleid en dienslewering

Die diensleweringsraamwerk van die Finansiële Beleid (1999) bestaan onder andere uit die volgende drie gedeeltes:

- Teikengroepe van die beleid.
- Spesiale ontwikkelingsareas binne die beleid.
- Diensleweringsvlakke.

Elkeen van hierdie fasette sal in die volgende gedeelte omvattend bespreek word.

### 6.1 Teikengroepe

Die Finansiële Beleid (1999) is daarop gerig om drie fokusgroepe se behoeftes in die samelewing aan te spreek:

- Kinders, jeug en families.
- Vrouens.
- Ouer persone.

#### 6.1.1 Kinders, jeugdiges en gesinne

Kinders, word volgens Art 28 (3) van die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), geag as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar.

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:61) is daartoe verbind om die hoogste prioriteit te gee aan die bevordering van gesinslewe en die oorlewing, beskerming en ontwikkeling van al Suid-Afrika se kinders. Die Witskrif gaan verder deur te noem dat 'n verskeidenheid van dienste aan alle gesinne in nood beskikbaar gestel moet word. Spesiale aandag moet ook geskenk word aan gesinne wat blootgestel en arm.

Wat jeugdiges betref noem die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) dat die welsynsdepartemente prioriteit moet verleen aan dienste en ontwikkelingsprogramme vir jeugdiges met spesiale behoeftes.

### 6.1.2 Vrouens

Volgens die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997: 73) maak vrouens meer as die helfte van Suid-Afrika se bevolking uit. Maatskaplike welsynsbeleid en programme moet ‘n bydrae lewer om die doel van gelykheid tussen vrouens en mans in alle sfere van die sosiale, ekonomiese en siviele lewe te bevorder en te bereik.

As gevolg van kulturele oortuigings word alle vrouens steeds nie gelyk behandel nie. Deur die saak senstitief te hanteer, kan diensleweraars programme inisieer om hierdie kwessie aan te spreek.

### 6.1.3 Ouer persone

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) bepleit ‘n beweging weg van die term “versorging van die bejaarde” maar beskou bejaardheid eerder as dat veroudering deel van die normale gang van die lewe is. Hierdie benadering is holisties en positief en erken dat veroudering slegs deel is van die lewensiklus, maar dit ontken egter nie die feit dat bejaardes spesiale behoeftes het nie.

In die praktyk word baie ouer persone gekonfronteer met nuwe uitdagings soos om na hul kleinkinders op ’n permanente basis om te sien. Ouer persone is nie altyd finansieel of emosioneel daartoe instaat om hierdie taak uit te voer nie.

## 6.2 Spesiale ontwikkelingsareas

Die Finansiële Beleid (1999) noem sewe spesiale ontwikkelingsareas van maatskaplike dienslewering:

- Spesiale beskerming
- Oorlewingsondersteuning en -ontwikkeling
- Armoede
- Gestremdheid
- Misdaadvoorkoming
- Alkohol- en dwelmmisbruik
- MIV/VIGS

### 6.2.1 Spesiale beskerming

Spesiale beskerming moet gegee word aan diegene wat in lewensgevaarlike situasies is. Slagoffers van gesinsgeweld en verkragting kan van hierdie diens gebruik maak. Dikwels word hierdie diens gelewer aan slagoffers by polisiestasies en plekke van veiligheid. In Atteridgeville is dit egter die geval dat slagoffers van sulke misdade slegs een nag in 'n polisiesel kan oornag. Daar is nie 'n plek van veiligheid vir vrouens wat die slagoffer van geweld en mishandeling is nie. Hierdie realiteit lei dus tot 'n onveilige omgewing.

### 6.2.2 Oorlewingsondersteuning en ontwikkeling

Oorlewingsondersteuning sluit baie nou aan by spesiale beskerming. Programme moet in plek gestel word om slagoffers te ondersteun, maar ook die individu, gesin en gemeenskap te ontwikkel om sulke sake te kan hanteer.

### 6.2.3 Armoede

Potgieter (1998: 198) definieer armoede as die standaard van lewe wat laer is as die verwagtinge van die samelewing. Armoede is die gebrek aan iets wat ander het en wat iemand voel hy/sy die reg daartoe het. Potgieter gaan voort deur te noem dat die oorgrote meerderheid van mense wat in armoede bly, kinders, vrouens, gestremdes en ouer persone is, wat veral in plattelandse gebiede woon.

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

Hierdie laaste stelling van Potgieter ondersteun die Finansiële Beleid (1999) ten opsigte van die teikengroepe wat dit daarstel.

In die vorderingsverslag van die Departement van Maatskaplike Onwikkeling (2003:13) word aangedui dat die Departement se armoedeverligtingsprogram baie suksesvol was om veral die plattelandse gebiede in KwaZulu – Natal, die Oos-Kaap en Limpopo te bereik. In vyf provinsies is daar in die loodsfase van die projek kospakkies na 10 000 huishoudings versprei. Die vraag wat egter gevra moet word is hoe volhoubaar so ’n armoedeverligtingsprogram binne die konteks van ontwikkeling is?

### 6.2.4 Gestremdheid

Volgens die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:76) is 8.5% van Suid – Afrika se bevolking gestrem en word hulle aan hoë vlakke van ongelykheid en diskriminasie onderwerp.

Nasionale en provinsiale departemente van welsyn moet verseker dat daar gelyke geleenthede vir mense met gestremdheid in alle dienste en programme is. Hierdie dienste moet mense met gestremdheid se onafhanklikheid, asook die integrasie van diesulkes in die gemeenskap bevorder.

’n Praktiese probleem in gemeenskappe is die stigmatisering van gestremdheid. Gestremde kinders en volwassenes word dikwels geïsoleer in so ’n mate dat die gemeenskap nie eers bewus is van die persoon se gestremdheid nie. Programme om gestremdheid te destigmatiseer moet ’n prioriteit vir diensleweraars wees.

### 6.2.5 Misdaadvoorkoming

Misdaad in Suid-Afrika plaas ‘n groot demper op die ontwikkeling van mense en die land. Volgens die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:83) is misdade teenoor kinders aan die toeneem.

Om misdaad suksesvol te verminder moet dit vanuit ‘n groter sosiale en ekonomies perspektief aangespreek word. ‘n Geïntegreerde program vir misdaadvoorkoming moet deur die Departement van Maatskaplike Welsyn ontwikkel word in samewerking met ander departemente en rolspelers in die gemeenskap. Die Departement is reeds besig om hieraan te werk In April 2002 is ’n afvaardiging na die VN se Kommissie vir Misdaadvoorkoming en Kriminele geregtigheid gestuur. Betekenisvolle maatskaplike ontwikkelingsbydraes ten opsigte van maatskaplike misdaadvoorkoming, kindergeregtigheid, herstelde geregtigheid, norme en standaarde is gelewer (Progress Report, 2003: 30). Hierdie inligting kan goed aangewerd word om programme te ontwikkel en te implementeer wat tot misdaadvoorkoming kan lei.

### 6.2.6 Alkohol- en dwelmmisbruik

Alkohol- en dwelmmisbruik word beskou as een van die grootste gesondheids- en sosiale probleme in Suid-Afrika. Die Witskrif van Maatskaplike Welsyn (1997:82) stel die volgende benadering voor om die probleem aan te spreek:

Die benadering moet:

- omvattend en intersektoraal wees;
- ‘n element van voorkoming insluit;
- ‘n gedeelde verantwoordelikheid van alle rolspelers insluit;
- gemeenskapsgebaseerde behandeling bevorder en ontwikkel;
- ‘n element van kapasiteitsbou inhou; en
- ‘n element van evaluasie insluit, waar probleme ten opsigte van afhanklikheid op ‘n deurlopende wyse geassesseer word.

### 6.2.7 MIV/VIGS

Na raming sal die infeksiesyfer van mense met MIV in Suid-Afrika teen die jaar 2005/2010 ongeveer 18-27% wees. MIV/VIGS affekteer alle rassegroepe en het ‘n impak op die strukture van gesinne asook die sosiale en ekonomiese hulpbronne (Witskrif van Maatskaplike Welsyn, 1997:82).

Die Witskrif van Maatskaplike Welsyn (1997:82) stel die volgende benadering voor om die probleem aan te spreek:

- Eerstens moet houdings ten opsigte van die aanvaarding en ondersteuning van mense met MIV/VIGS bevorder word.
- Die regte van mense met MIV/VIGS moet ten alle koste beskerm word. Vertroulikheid en reg op privaatheid moet gerespekteer word en personeel moet opgelei word om hierdie regte te respekteer.
- Laastens moet toepaslike en innoverende opvoedingsprogramme sowel as maatskaplike dienste bevorder word in 'n vennootskap tussen die regering, siviele gemeenskap en die privaat sektor. Tuisversorging, gesinsgeoriënteerde en gemeenskapsversorgingstrategieë is die wyse waarop daar na die gevolge van MIV/VIGS gekyk moet word.

In die praktyk is daar baie gemeenskapsgebaseerde organisasies wat in hierdie veld werksaam is. Die vorderingsverslag van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2003:11) bevestig hierdie feit. Na raming is daar 314 sentrums vir gemeenskapsgebaseerde versorging van kinders en gesinne wat geïnfekteer of geaffekteer is met MIV/VIGS.

Een van die grootste gevolge van MIV/VIGS is die groeiende aantal weeskinders wat agtergelaat word. Vanaf 2000 tot en met Maart 2003 is daar reeds 75 000 weeskinders deur die gemeenskapsgebaseerde programme geïdentifiseer. Dienste wat aan gesinne wat deur die pandemie geraak word gelewer word sluit kos, voorsiening van klere, berading, ondersteuning en inkomste genereringsprojekte in.

Alhoewel hierdie feit 'n positiewe prentjie skilder van dienslewering wat in plek is, is daar knellende probleme wat aandag moet kry. Die navorser ervaar dit in die organisasie waar sy werksaam is, Heartbeat. Die realiteit van gemeenskapsgebaseerde programme is dikwels dat diensleweraars probleme ervaar ten opsigte van befondsing asook omvattende opleiding in veral bestuursaangeleenthede.

### 6.3 Diensleweringsvlakke

Die Finansiële Beleid (1999:12-13) verwys na vier diensleweringsvlakke:

- Voorkoming (Vlak 1)
- Vroeë intervensie (Vlak 2)
- Statutêre prosesse (Vlak 3)
- Kontinuum van Sorg en Ontwikkeling (Vlak 4)

#### 6.3.1 Voorkoming

Die eerste vlak van dienslewering sluit alle strategieë en programme in wat die kapasiteit en selfonderhouding van gesinne, gemeenskappe, kinders, jeugdiges, vrouens en bejaardes bou en versterk (Finansiële Beleid, 1999:12).

Voorkomingsprogramme is dikwels net gefokus op spesifieke areas en dek nie noodwendig die ontwikkelingsareas soos uiteengesit in die Finansiële Beleid (1999) nie. So is daar byvoorbeeld baie voorkomingsprogramme wat gemik is op MIV/VIGS en alkohol- en dwelmmisbruik, maar ten opsigte van gestremdheid word daar nie baie gedoen nie.

#### 6.3.2 Vroeë intervensie

Die Finansiële Beleid (1999:13) noem dat hierdie dienste kinders, jeugdiges, gesinne, vrouens, ouer persone en gemeenskappe wat as kwesbaar of as risiko gesien word, teiken. Ontwikkelings- en terapeutiese programme word daargestel sodat hierdie groep nie deur die ervaring van ‘n statutêre intervensie hoef te gaan nie. Vroeë intervensie wat plaasvind op vlakke 3 en 4 van dienslewering is daarop gerig dat die situasie nie verder verswak en statutêre intervensie nodig is nie.

#### 6.3.3 Statutêre proses

Op dié vlak is die individu reeds betrokke by 'n vorm van 'n hofsaak en sal die persoon in statutêre proses wees totdat die hofverrigtinge gefinaliseer is.

#### 6.3.4 Kontinuum van sorg en ontwikkeling

Dienste word gelewer oor 'n spektrum van gemeenskapsbaseerde programme tot insititusionele sorg. Hierdie dienste moet effektief wees en moet gelewer word uit 'n perspektief van voorkoming en vroeë intervensie om ontwikkeling van die individu binne gesins- en gemeenskapsverband te maksimaliseer.

Die navorser is van mening dat daar altyd plek sal wees vir al vier diensleweringsvlakke binne die maatskaplike werkkonteks. Die ideaal sou wees dat die meeste dienste op vlakke 1 en 2 gelewer sal word soos deur die Finansiële Beleid (1999) bepleit. Diensleweraars sal egter baie sterker leiding oor die transformasieproses moet kry alvorens dit 'n realiteit sal word.

## 7. Praktiese impllikasies van die Finansiële Beleid.

In wese, soos reeds genoem, is die Finansiële Beleid (1999) gerig op die praktiese toepassing van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) wat die transformasie van maatskaplike dienste ten doel het. Maatskaplike dienste moet getransformeer word ten einde te kwalifiseer vir regeringsbefondsing. Plug, Meyer, Louw & Gouws (1993:370) definieer transformasie soos volg: "Enige ingrypende verandering". Dié "ingrypende verandering" sal sigbaar word in die verskuiwing van dienste wat meer ontwikkelingsgerig is en op voorkoming fokus.

Die Finansiële Beleid (1999:16) noem twaalf finansiële skuiwe wat gemaak moet word ten einde die transformasie proses aan te help:

- Skuif # 1: 'n Skuif vanaf slegs kwantitatiewe dienste na kwantitatiewe dienste sowel as kwalitatiewe dienste. In wese gaan die hier daaroor dat daar gekyk sal

word na die hoeveelheid begunstigdes, maar dat die effektiwiteit van die diens ook 'n belangrike rol sal speel.

- Skuif#2: 'n Skuif moet gemaak word vanaf per kapita befondsing na programbefondsing. Hierdie skuif maak voorsiening vir die verskuiwing na befondsing vir holistiese diensleweringsprogramme in plaas van om slegs poste te befonds.
- Skuif #3: 'n Skuif vanaf die befondsing van gespesialiseerde organisasies na befondsing van organisasies wat holistiese dienste lewer en wat spesialisasie integreer.
- Skuif #4: 'n Skuif wat eerder dienste ondersteun wat sosiale integrasie, diversiteit en gelykheid bevorder as dienste wat rasse-gebaseerd is.
- Skuif #5: 'n Skuif wat dienste befonds op 'n basis van noodsaaklikheid en effektiwiteit van die dienste, in plaas van dienste wat befonds word op die basis dat mense daarop geregtig is.
- Skuif #6: 'n Skuif vanaf 'n ongebalanseerde verpreiding van hulpbronne na verspreiding van hulpbronne op 'n gebalanseerde wyse. Hierdie skuif is van toepassing op veral verspreiding van hulpbronne binne en tussen die verskillende provinsies.
- Skuif #7: 'n Skuif vanaf die befondsing van organsasies en dienste wat die inheemse regte en kulturele gebruike ignoreer, na die befondsing van organisasies wat hierdie regte en gebruike respekteer.
- Skuif #8: 'n Skuif vanaf befondsing wat gebaseer is op arbitrêre , "duimsuig" kriteria na befondsing wat gebaseer is op beginsels, waardes en 'n uitset/uitkomste oriëntasie.
- Skuif #9: 'n Skuif vanaf 'n vooroordeel ten opsigte van die befondsing van individuele organisasies na die erkenning van gesamentlike pogings. Finansiële ondersteuning sal dus individuele organisasies sowel as gesamentlike pogings ondersteun.
- Skuif #10: 'n Skuif vanaf die befondsing van gefragmenteerde, gespesialiseerde of geïsoleerde dienste na befondsing van een-stop dienste. Holistiese dienste sal dus befonds word.

- Skuif #11: ’n Skuif vanaf maatskaplike bystand wat losstaan van maatskaplike dienste, na die befondsing van maatskaplike dienste wat verbind is aan maatskaplike bystand.
- Skuif #12: ’n Skuif van ‘n “top-down” dienslewering na ’n deelnemende benadering.

Uit hierdie skuiwe blyk dit duidelik dat kwaliteit en geïntegreerde dienste noodsaaklik is in die verwesenliking van die Finansiële Beleid (1999). In die prakyk is dit moeilik om vas te stel in hoe verre die regering hierdie skuiwe toepas in befondsing van progamme. In baie gevalle word befondsing nie goedgekeur sonder enige verduideliking aan die organisasie wat aansoek gedoen het nie. Hierdie feite mag dalk die rede wees waarom die Finansiële Beleid teruggehou word in ander provinsies en slegs in Gauteng voortgaan. ’n Weldeurdagte finansiële raamwerk wat wetlik afdwingbaar en koste bereken is, is nodig om hierdie beleid suksesvol te implementeer.

## 8. Administratiewe proses in die Finansiële Beleid

Ten einde deursigtigheid en effektiwiteit van dienste te verseker is daar sekere stappe wat deur die Finansiële Beleid (1999:30) uiteeengesit word:

- Die regering identifiseer prioriteite wat in ooreenstemming is met die nasionale doelwitte en mandate. Dit sluit kategorieë van dienste wat benodig word in en sit die geografiese en demografiese verspreiding uiteen.
- Inligting met betrekking tot strategiese fokusareas sal na diensleweraars op nasionale sowel as provinsiale vlak versprei moet word.
- In ooreenstemming met die MTEF-siklus sal hulpbronne wat geoormerk is vir sulke dienste oor ’n drie-jaar tydperk geprojekteer word en bevestig word op gepaste tye deur die begrotingsvoorleggings van sowel die nasionale parlement as die provinsiale wetgewers.
- Van vennote en potensiële vennote sal daar verwag word om diensplanne binne die gedefinieerde prioriteitsareas in te lewer. Terselfdertyd sal die regering verseker dat assesserings van ontwikkelingsbehoeftes vir gemeenskappe

saamgestel word. Hierdie inligting sal die moniterings- en evaluasieproses en die meet van die impak van die diens help realiseer.

- ’n Assesseringspan sal die voorgestelde diensplanne assesseer. Hierdie span sal verseker dat:
    - daar aan befondsingskriteria voldoen word;
    - beginsels toereikend toegepas word;
    - die raamwerk vir dienslewering ontwikkelingsgerig is;
    - die kapasiteit vir dienslewering en verantwoordbaarheid geassesseer word;
    - die planne in ooreenstemming is met die begroting; en
    - aanbevelings vir befondsing gebaseer is op prioriteite.

Alhoewel die Gauteng Provinsie van hierdie aspekte in plek het, word dit nie ten volle geïmplementeer nie. Die primêre rede is die gebrek aan die afdwingbaarheid van die beleid.

Waar befondsing goedgekeur word, word ’n Diensleweringsooreenkoms geteken tussen die staat en die vennote; alternatiewelik, waar die diensplan nie goedgekeur is nie word daar besprekings gehou met die potensiële vennoot om die areas wat kommerwekkend is aan te spreek en kapasiteit binne die toekomstige vennote te bou.

Groot kommer heers in die geledere van veral NROs ten opsigte van die diensleweringsooreenkomste. Die inhoud van hierdie ooreenkomste is van so ’n aard dat NROs alles kan verloor indien die program nie volgens die regering presteer nie. In baie gevalle het NROs geweier om hierdie kontrakte te onderteken uit protes oor die inhoud. ’n Verdere kommerwekkende saak is die tydperk wat dit neem om befondsing wat goedgekeur is, te ontvang. Heartbeat het byvoorbeeld vanjaar eers Oktober 2003 befondsing ontvang vir die boekjaar 2003/2004. Hoewel die organisasie vir ses maande geen geld vir programme ontvang het nie, is daar steeds verwag dat daar vorderingsverslae ingelewer moes word.

’n Publikasie wat alle dienste en vennootskappe identifiseer is deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling vrygestel om gemeenskappe en ander rolspelers in te lig oor ander vennote. Hierdie proses is daar om die verantwoordbaarheid van die

staat en die vennote aan die kliënte en die groter samelewing te bevorder. Gauteng se Departement van Maatskaplike Onwikkeling het so 'n pamflet waar dienste en kontaknommers aangedui word.

Hoewel die administratiewe proses in die Finansiële Beleid (1999) prakties uitvoerbaar is, is die implementering daarvan weer eens 'n probleem en lyk dit nie asof die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling genoeg mannekrag en kundigheid het om hierdie proses te administreer nie.

## 9. Samevatting

In hierdie hoofstuk het die navorser die agtergrond tot die Finansiële Beleid (1999) uitgelig, asook beleidsanalise en die beleidmakingsproses as instrumente tot die evaluasie van die beleid bespreek. Die konteks waarbinne die Finansiële Beleid (1999) geskryf staan, is ook kortliks toegelig. Die Finansiële Beleid (1999) se beginsels, raamwerk vir dienslewering, implementering asook administatiewe proses is vanuit 'n teoretiese raamwerk gekonsepsualiseer ten einde die empiriese bevindings en interpertasies wat in Hoofstuk 3 bespreek word te kontekstualiseer.

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

# HOOFSTUK 3: EMPIRIESE ONDERSOEK EN BEVINDINGS

## 1. Inleiding

In hoofstuk 1 is 'n algemene inleiding gegee ten opsigte van die navorsingsmetodologie. In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetodologie weer kortliks toegelig. Die kwalitatiewe bevindinge van die studie word daarna bespreek en opgevolg met die bespreking van die kwantitatiewe bevindings.

Tydens die interpretasie van die bevindings, integreer die navorser literatuur waar van toepassing. Vervolgens word die navorsingmetodologie bespreek. Die studie en vervolgens die bevindings van die studie is gefokus op die Atterideville-gemeenskap. In die lig van die verkennende aard van die navorsing kan die resultate nie wyd veralgemeen word nie.

## 2. Navorsingsmetodologie

### 2.1 Navorsingsbenadering

Die navorser het van triangulasie gebruik gemaak met die kwalitatiewe benadering as dominante navorsingsbenadering en die kwantitatiewe navorsingsbenadering as ondersteunende benadering. Soos reeds in hoofstuk 1 gemeld is die impak van die Finansiële Beleid (1999) op die gemeenskap kwalitatief bepaal en ten opsigte van die dienslewеraars in Atteridgeville kwantitatief.

### 2.2 Navorsingsprosedure

Data is op twee wyses ingesamel. Eerstens is kwalitatiewe data bekom deur middel van fokusgroepbesprekings wat gerig is deur 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule (sien Bylaag A). Drie fokusgroepe is gehou met gemeenskapslede wat diensverbruikers is en wat deur middel van doelgerigte steekproeftrekking gekies is. Gemeenskapslede is gekies indien hulle in die afgelope drie jaar dienste van enige

van die diensleweraars, wat slegs die NROs in Atteridgeville ingesluit het, ontvang het. NROs is gevra om diensverbruikers na aanleiding van hierdie kriteria te soek en namens die navorser te nooi vir die fokusgroepbesprekings.

Data is geanaliseer op die volgende wyse:

- Onderhoude is getranskribeer;
- Temas is geïdentifiseer en uitgelig;
- Stellings is saamgegroepeer in betekenisvolle eenhede;
- Divergente perspektiewe is geïdentifiseer en gekategoriseer; en
- ‘n Samestelling van al die groepe is gekonstrueer.

Die kwantitatiewe data is deur middel van ‘n vraelys ingesamel wat deur agt maatskaplike werkers van ses verskillende organisasies voltooi is. Howel daar agt organisasies in Atteridgeville werk wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling befonds word, het twee van die organsisasies se maatskaplike werkers nie aan die navorsing deelgeneem nie. Een het pas in die gebied begin werk en die ander organisasie het nie gemaklik gevoel met die invul van die vraelys nie. Die maatskaplike werkers is ook deur middel van doelgerigte steekproeftrekking gekies aan die hand volgende kriteria:

- Maatskaplike diensleweraars moes binne die ontwikkelingsgerigte benadering diens lewer aan die gemeenskap;
- Dienste moes aan ‘n verskeidenheid teikengroepe gelewer word; en
- Maatskaplike werkers moes sedert 1999 in die praktyk staan.

Data is geanaliseer en die bevindings word op ‘n grafiese wyse weergegee en bespreek.

## 3. Empiriese bevindinge

Aangesien die kwalitatiewe navorsingsbenadering dominant in hierdie studie was, sal die navorsingsbevindings ten opsigte van die fokusgroepe eerste bespreek word. Bevindinge sal na aanleiding van geïdentifiseerde temas bespreek word.

### 3.1 Kwalitatiewe navorsingsbevindinge

Temas wat geïdentifiseer is, sluit toeganklikheid, gebrek aan opvolg deur maatskaplike diensleweraars, berading, staatstoelaes en teikengroepe in.

#### 3.1.1 Toeganklikheid

Vanuit die fokusgroepbesprekings het dit baie duidelik na vore gekom dat maatskaplike dienste nie as toeganklik deur die gemeenskap beleef word nie. Die volgende aanhalings staaf hierdie feit.

"*It is far, that's why we need mobile offices.*"
*"The social workers are not visible to the people"*
*"The social workers do not have transport, they can't get from corner one to three"*

Die feit dat maatskaplike werkers nie toegang het tot vervoer nie, hou direk verband met gebrekkige dienslewering en is werklik 'n bekommernis vir die gemeenskap. Organisasies se kantore is in die formele gedeelte van Atteridgeville geleë. Mense wat in die informele gedeelte woon is dus baie ver van enige dienste af.

Die beginsel van verantwoorbaarheid word hierdeur nie toegepas nie. Indien maatskaplike dienste nie toeganklik is nie beteken dit dat organisasies nie verantwoordbaar teenoor hul kliënte of die gemeenskap is nie. Verantwoordbaarheid beteken om kwaliteit dienste te verskaf asook hulpbronne optimaal te gebruik (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:1).

Die kwessie van toeganklikheid word ook baie nou gekoppel aan die feit dat daar ‘n gebrek aan opvolg en belangstelling van die organisasies in maatskaplike aangeleenthede is. Die volgende punt sal hierna verwys.

### 3.1.2 Gebrek aan opvolg deur maatskaplike diensleweraars

‘n Kwessie wat uitgestaan het in die fokusgroepbesprekings, was ‘n gebrek aan opvolg van sake. Die volgende is hieroor gesê:

"*There is no follow up like if a child gets raped the social worker will intervene once but will not follow up.*"
*"Time and again people come into my office to ask for help. I write a letter instructing the person to the social workers in Atteridgeville near the police station. When the person reaches there she comes back to me without any help"*

Binne die raamwerk van die Finansiële Beleid (1999) bewys hierdie stellings dat maatskaplike diensleweraars nie besig is om kontinuïteit van sorg en ontwikkeling daar te stel nie. Volgens hierdie beginsel moet diensleweraars ondersteuningsnetwerke en hulpbronne koppel aan die kind, jeugdige, gesin, vrou of ouer persoon wat dit nodig het. Sodoende sal mense ‘n gevoel van waarde en groei ervaar.

### 3.1.3 Berading

Hoewel beradingsdienste nie ‘n prioriteit binne die raamwerk van die Finansiële Beleid (1999) is nie, is dit ‘n sterk behoefte wat by die groepe uitgekom het. Die volgende stellings is hieroor gemaak:

*"My grandson stays with me from infant. He looks at his broken shoes and I get worried. I am scared that I will find him one day hanging from the ceiling. He needs counseling"*

*"We don't know where to go for counselling. The inter-trauma centre at the police station only help with rape cases."*

Die bogenoemde stellings bevestig dat die beginsel van kontinuum van sorg en ontwikkeling waar die klem op die individu se ontwikkelings– en terapeutiese behoeftes val, belangrik is. Uit hierdie stellings is dit ook duidelik dat berading (remediërende model) nodig is, maar terselfdertyd moet die omgewing verander word ooreenkomstig die ontwikkelingsmodel. Die diensleweraars in Atteridgeville is egter nie besig om in hierdie behoefte te voorsien nie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat daar slegs agt organisasies in Atteridgeville is wat dienste lewer. In Hoofstuk 1 is reeds verwys na die pleegsorggevalle van een organisasie. Gevalleladings van maatskaplike werkers is dus baie hoog.

### 3.1.4 Bemagtiging

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:93) omskryf bemagtiging as die proses om persoonlike, interpersoonlike en politiese mag te verhoog om sodoende individue of gemeenskappe instaat te stel om hulle lewensomstandighede te verbeter.

In die gemeenskap van Atteridgeville is bemagtiging besig om plaas te vind rondom sleutelprobleme. Die respondente wat die fokusgroepe bygewoon het, het die volgende opleiding van diensleweraars ontvang:

- "Domestic violence"
- "Child abuse"
- "How to deal with traumatized children"

Hoewel hierdie 'n baie goeie begin is, is dit nodig dat mense bemagtig sal word in meer areas soos byvoorbeeld MIV/VIGS, menseregte en gestremdheid. Voorkomingsprogramme rondom MIV/VIGS is wyd beskikbaar, maar nie altyd effektief nie. Terselfdertyd bestaan daar nog steeds baie mites in gemeenskappe rondom hierdie kwessie.

Regte as 'n beginsel van die Finansiële Beleid is van groot belang, aangesien mense en veral teikengroepe se regte nie altyd gerespekteer word nie. So word mense met gestremdheid byvoorbeeld dikwels in gemeenskappe gestigmatiseer.

### 3.1.5 Staatstoelaes

Op die vraag watter diens die meeste impak het op die gemeenskap van Atteridgeville asook in die respondente se eie lewens was die antwoord: "Child Support grant." Die volgende stellings ondersteun dit:

*The social services in town, I admire. The people at the corner of Bosman and Church street. The people I send there they are helped with child support grants"*

*"Although it isn't that much at least it is something."*

Volgens die Vorderingsverslag van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2003:7) het die "Child Support Grant" begunstigdes oor die afgelope drie jaar geweldig toegeneem en het 2.6 miljoen kinders hierdie toelaag teen Maart 2003 ontvang. Hierdie statistiek bevestig dit wat die gemeenskap ervaar het.

Hoewel die gemeenskap die voordeel van die "Child Support grant" ervaar, is die misbruik daarvan egter vir hul rede tot kommer:

*"A big concern is the abuse of the children's grant. How can that be stopped?"*

Volgens die respondente ervaar die gemeenskap egter probleme met die **pleegsorgtoelaag.** Die proses in Atterdigeville is geweldig stadig soos die volgende vertelling aandui:

*"I went to apply for foster care in December last year, they send me away. I again went in March. So they send me again to look for the father of the children. I went looking for the father but he was in prison. I went to the social worker and told them that the father was in prison, he promised to come, he only came in July to take some forms. I haven't seen him yet."*

In 'n ander groep het die mense dit bevestig deur te sê dat pleegsorg so lank as twee jaar neem om te realiseer.

Die **ongeskiktheidstoelaag** word ook as 'n problem ervaar in die gemeenskap. Amptenare aanvaar nie altyd die dokter se sertfikaat as bewys dat die persoon werklik ongeskik vir werk is nie.

### 3.1.6 Teikengroepe

Van al die teikengroepe het die respondente veral dienste aan kinders en jeugdiges uitgelig. Vogens die respondente kry die kinders klere en kos. In die geval van weeskinders is dienste meer holisties en het een persoon dit so gestel:

*"… but since Heartbeat took over we can see that these children have mothers and fathers today."*

Uit hierdie stelling kan daar dus afgelei word dat toepaslike dienste aan weeskinders gelewer word. Dit is in ooreenstemming met die omskrywing wat die Witskrif vir Maatskaplike Ontwikkeling (1997:92) gee vir toepaslikheid, naamlik toepaslike dienste reageer op maatskaplike behoeftes en probleme binne 'n gemeenskap.

Dienste wat aan die kinders gelewer word, is egter nie toereikend nie. Onderwys is 'n probleem:

*"Children do no go to school because they can't pay"*
*"Girl children, we don't know what happen to them between home and school. They leave early but they only get to school at eleven. Maybe they get abused a long the way.*
*"Social service providers should provide transport and food to the children to eat at home."*

Ten opsigte van die jeug is daar ook dienste waarvan die gemeenskap bewus is. So is daar ondersteuningsgroepe vir jeugdiges en organisasies soos NIMRO skenk veral spesiale aandag aan jeugdiges wat misdaad pleeg.

Hoewel dit verblydend is om te sien dat sekere van die teikengroepe wel dienste ontvang, is dit vir die navorser kommerwekkend om die gebrek aan dienste aan

vrouens, die gesin, ouer persone en gestremdes waar te neem. In die geval van mense met gestremdheid het die respondente wel aangedui dat organisasies dalk 'n diens aan hierdie mense wil bied, maar dat die gemeenskap mense met gestremdheid wegsteek. Sodoende word hierdie mense nie bereik nie. Beperkte mannekrag van diensleweraars moet ook ten opsigte van hierdie punt in gedagte gehou word.

### 3.1.7 Kernbevindings vanuit die kwalitatiewe navorsing

Ter samevatting kan die volgende uitgelig word as kernbevindings:


- Maatskaplike diensleweraars in Atteridgeville is nie ten volle toeganklik of sigbaar nie.
- Kontinuïteit van sorg en ontwikkeling is baie beperk.
- Die kontinuum van sorg en ontwikkeling is baie beperk in Atteridgeville. Die fokus is nog baie sterk op die remediërende model en op sorg rondom toelaes.
- Die fokus op ontwikkeling is beperk, maar word in 'n mate toegepas deur die bemagtiging wat veral deur opleiding in Atteridgeville plaasvind.
- Kinders en jeug word die meeste deur organisasies geteiken vir dienslewering.

## 3.2 Kwantitatiewe navorsingsbevindinge

Tydens die kwantitatiewe datainsameling het die navorser persoonlike geadministreerde vraelyste aan 8 maatskaplike werkers van 6 organisasies gegee om in te vul. Vervolgens word hierdie bevindings op grafiese wyse uiteengesit en bespreek.

### 3.2.1 Biografiese inligting

#### 3.2.1.1 Geslag





**Figuur 1: Geslag**

Figuur 1 dui aan dat die oorgrote meerderheid (75 %) van die respondente vroulik was en dat mans (25 %) in die minderheid was. Hierdie bevinding bevestig dat die meerderheid maatskaplike werkers binne die professie vroulik is.

### 3.2.1.2 Jare van ervaring as maatskaplike werker

Een van die kriteria wat gebruik is om respondente te selekteer was die feit dat hul na 1999 as maatskaplike werkers moes praktiseer. Figuur 2 skenk aandag aan die jare ervaring van die onderskeie repondente.




**Figuur 2 :Jare ervaring as maatskaplike werker**


Hierdie grafiek dui aan dat 7 van die agt respondente 'n maksimum van drie jaar as maatskaplike werker werksaam is. Slegs een van die respondente het ervaring van meer as sewe jaar as maatskaplike werker. Die meerderheid (7) van die respondente sal waarskynlik baie goed met die nuwe welsynsparadigma vertroud wees en het ook waarskynlik opleiding daarin ontvang tydens hulle studiejare.

### 3.2.1.3 Jare in diens by huidige organisasie

Die navorser het dit nodig gevind om vas te stel hoe lank repsondente by hul huidige organisasie is ten einde seker te maak dat hul wel kon verslag lewer oor die werksaamhede van die organisasie. Al die respondente werk vir minder as drie jaar by hul huidige organisasie. Hierdie informasie korreleer met 3.2.2 aangesien 7 van die 8 repsondente slegs 'n maksimum van drie jaar ervaring as maatskaplike werkers het.

### 3.2.1.4 Fokus van organisasie

Die fokus van die organisasie was belangrik om te bepaal aangesien dit vergelyk moes word met die teikengroepe soos uiteengesit deur die Finansiële Beleid (1999).





**Figuur 3: Fokus van organisasie**

Uit bogenoemde figuur is dit duidelik dat die grootste fokus van organisasies (28%) op kinder- en gesinsorg is. Die tweede grootste fokus is op terapeutiese dienste (24%) en dan op berading en gemeenskapsontwikkeling. Die twee fokusareas wat die minste aandag kry, is die van ouer persone en mense met gestremdheid wat beide slegs 4% van die organisasies se fokus uitmaak. Hierdie statistiek kan gedeeltelik verklaar word aangesien die meeste van die organisasies wat aan die navorsing deelgeneem het óf kinder- en gesinsorgorganisasies is óf gemeenskapsontwikkeling doen. Slegs een organisasie werk baie spesifiek met bejaardes in die gemeenskap van Atteridgeville.

### 3.2.1.5 Ouderdom van respondente

Figuur 4 dui die verskillende ouderdomskategorieë van die respondente aan.





**Figuur 4: Ouderdom van respondente**

Vyf van die agt respondente is tussen die ouderdom van 20 en 30 jaar.  Drie van die respondente is tussen die ouderdom van 31 en 40 jaar.  Die meeste van die respondente is dus nog baie jonk en die navorser veronderstel dat die meeste van hulle ook opleiding ontvang het wat meer ontwikkelingsgerig is.

### 3.2.2 Kennis van die Finansiële Beleid vir Ontwikkelingsgerigte Maatskaplike Welsynsdienste (1999)

#### 3.2.2.1 Eerste kennisname van Finansiële Beleid

Respondente moes bewus wees van die Finansiële Beleid (1999) alvorens hulle aan die ondersoek kon deelneem.  Vervolgens dui Figuur 5 die jaar aan waarin respondente vir die eerste keer kennis geneem het van die Finansiële Beleid (1999)




**Figuur 5: Eerste kennisname van Finansiële Beleid**

Die meeste van die respondente (3) het die eerste keer kennis geneem van die Finansiële Beleid in 2001. Twee respondente het reeds in 1999, die jaar waarin die Finansiële Beleid (1999) geïmplementeer is daarvan kennis geneem en twee van die respondente het onderskeidelik in 2000 en 2002 van die Finansiële Beleid kennis geneem. Aangesien die meerderheid van die respondente slegs 'n maksimum van 3 jaar ondervinding het, lei die navorser af dat van die repondente vir die eerste keer te make gekry het met die Finansiële Beleid (1999) deur middel van hul studies.

### 3.2.2.2 Respondente se kennis van die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999)

Die respondente het die volgende geantwoord op die vraag na wat die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) is:

- "It is aimed to fund NGOs for the service they are providing in the community.
- "To finance the organisation to ensure the continuity of service delivery to the community"
- "The Financing Policy aim to distribute financial resources equally to programmes focusing on the different target groups."

- "It aims at implementing social services in the developmental approach. To improve the quality of social welfare service delivery."
- "Every organization should have a financing policy"

Drie van die respondente het nie die vraag voltooi nie. Hieruit kan afgelei word dat hulle moontlik nie bekend is met die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) nie. Die antwoorde wat wel deur die ander repondente voorsien is, korreleer met die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999).

#### 3.2.2.3 Respondente se siening oor 'n ontwikkelingsfokus vir lewering van maatskaplike welsynsdienste

Die respondente het soos volg geantwoord op die vraag wat hulle sien as 'n ontwikkelingsfokus vir maatskaplike dienslewering:

- "It focus on what the clients has and develop that into something that will capacitate them to help them improve the quality of life."
- "The services rendered by Child Welfare"


Slegs 2 van die respondente het geantwoord op hierdie vraag. Hierdie reaksie is inderdaad kommerwekkend, aangesien die Finansiële Beleid (1999) binne die raamwerk van maatskaplike ontwikkeling geskryf staan. Indien maatskaplike werkers nie 'n begrip het van wat met 'n ontwikkelingsfokus bedoel word nie, sal dit baie moeilik wees om die Finansiële Beleid (1999) te implementeer juis omdat dit binne die raamwerk van maatskaplike ontwikkeling staan.

### 3.2.3 Implementering van die Finansiële Beleid (1999)

#### 3.2.3.1 Opleiding ten opsigte van implementering van die Finansiële Beleid

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in Gauteng verwag dat organisasies die Finansiële Beleid moet implementeer. Die navorser het dit nodig gevind om vas

te stel of enige opleiding in die verband voorsien is aan die maatskaplike werkers in organisasies.




**Figuur 6: Opleiding vir implementering van Finansiële Beleid**


Op die vraag hoeveel van die respondente opleiding ontvang het vir die implementering van die Finansiële Beleid (1999), het slegs een respondent positief gereageer. Sewe van die agt respondente het nog nooit formele of informele opleiding ten opsigte van die Finansiële Beleid (1999) ontvang nie. Hierdie bevinding korreleer met die feit dat respondente nie bekend is met die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) nie, asook die feit dat hulle nie verstaan dat dit opereer in ‘n ontwikkelingsgerigte paradigma nie.

### 3.2.3.2 Medium vir opleiding

Die enigste respondent wat aangedui het dat hy/sy opleiding ontvang het ten opsigte van die Finansiële Beleid (1999), het aangedui dat dit deur middel van ‘n eendagwerkswinkel gerealiseer het, wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aangebied is.

### 3.2.3.3 Probleme ervaar ten opsigte van Finansiële Beleid (1999)

Hierdie vraag het gehandel oor die probleme wat respondente ervaar ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999). Die volgende figuur dui aan in watter mate hulle probleme ervaar het.





**Figuur 7: Probleme ervaar ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid**

Slegs een van die respondente het aangedui dat sy/haar organisasie probleme ervaar met die implementering van die Finansiële Beleid (1999). Sewe van die respondente is van mening dat hulle organisasies die Finansiële Beleid sonder enige probleme implementeer.

Die respondent wat aangedui het dat die organisasie probleme ervaar ten opsigte van die implementering van die beleid, het aangedui dat dit as gevolg van 'n gebrek aan opleiding was. In die lig van die vorige bevindinge is dit moontlik dat die respondente geen probleme ervaar ten opsigte van die implementering van die beleid nie, aangesien hulle nie noodwendig die Finansiële Beleid (1999) ten volle begryp en dus implementeer nie.

### 3.2.3.4 Vordering met implementering van die Finansiële Beleid

Repondente se mening is gevra met betrekking tot die vordering van die implementering van die Finansiële Beleid (1999). Figuur 8 stel die resultate grafies voor.




**Figuur 8: Vordering met implementering van Finansiële Beleid**

Vyf van die respondente was van mening dat die implementering van die Finansiële Beleid (1999) nog op koers was en drie van die respondente was van mening dat dit nie op koers was nie.

### 3.2.3.5 Redes


Die drie respondente wat aangedui het dat die Finansiële Beleid (1999) nie op koers is nie, het die volgende redes aangevoer:

- Min hulpbronne in die plattelandse gebiede en die beskikbare hulpbronne is baie gespesialiseerd.
- Ongelykheid in terme van die gebiede wat wel dienste ontvang.
- Die regering se belofte om meer befondsing vir armoede verligting te gee realiseer nie.

- Transformasie kan nie plaasvind as maatskaplike werkers se werkslading nie verlig word nie.
- Dienste is steeds gefokus op gevallewerk en nie op gemeenskapsontwikkeling of ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk nie.
- Baie NROs word nie befonds nie.

Uit die kwalitatiewe navorsing was dit duidelik dat die gemeenskap nie ervaar dat die implementering van die Finansiële Beleid (1999) op koers is nie. Teikengroepe word nie ten volle bereik nie en beginsels soos toeganklikheid en verantwoordbaarheid is nie sigbaar nie.

### 3.2.3.6 Teikengroepe wat bereik word deur dienste





**Figuur 9: Teikengroepe bereik**

Volgens Figuur 9 bereik al die organisasies kinders en gesinne deur hul dienste. Vrouens word deur 7 respondente bereik en 4 respondente bereik die jeug. Ouer persone word deur 3 respondente bereik en 2 respondente bereik mense met gestremdheid. Hierdie statistiek korreleer ook met die verskillende fokusareas wat die verskillende respondente aangedui het.

### 3.2.3.7 Beraamde persentasie van werk wat of fokusgroep gemik is

Teen die agtergrond van die vorige vraag wou die navorser vasstel wat die persentasie van werk is wat organisasies op die verskillende teikengroepe gemik het. Die volgende figuur stel dit voor:




**Figuur 10: Beraamde persentasie van werk wat op teikengroepe gemik is**

- Volgens Figuur 10 het die 7 organisasies se werk meer as 80% op kinders gefokus en een se werk was tussen 61% en 80% daarop gefokus.

- Drie organisasies se werk is tussen 81% en 100% op jeug fokus, terwyl 2 respondente se werk tussen 61% en 80% op jeug fokus. Die ander drie respondente se werk het onderskeidelik tussen 41% en 60 %, 21% en 40 % en 0% en 20 % op die jeug gefokus.

- Vier respondente se werk het tussen 80% en 100 % op gesinne gefokus. 3 respodente het tussen 61% en 80% op gesinne gefokus en een respondent het tussen 81% en 100% op gesinne gefokus.

- Twee respondente se werk het tussen 81% en 100 % op vrouens gefokus. Drie respondente se werk het tussen 61% en 80 % op vrouens gefokus terwyl 3 respondente se werk tussen 0% en 20 % op vrouens gefokus het.


- Een respondent se werk het tussen 41% en 60 % op ouer persone gefokus, 3 respondente se werk het tussen 21% en 40 % op ouer mense gefokus en nog twee se werk het slegs tussen 0% en 20% op ouer persone gefokus.

- Een respondent se werk het tussen 21% en 40 % op gestremdes gefokus, terwyl die sewe ander respondente aangedui het dat hul tussen 0% en 20 % van hul werk op gestremdes fokus.

Bogenoemde bevestig die kwalitatiewe bevindinge naamlik dat die meeste dienste gefokus is op kinders en jeug. Die minste fokus word geplaas op mense met gestremdheid en ouer persone.

### 3.2.3.8 Tipe dienste wat gelewer word

Die aard van dienste deur organisasie is vervolgens vasgestel.




**Figuur 11: Tipe dienste gelewer**

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

Volgens die respondente is die organisasies se dienste meestal gefokus op berading en armoedeverligting. Daarna word die meeste dienste gelewer ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling en pleegsorg. Ondersteuningsgroepe, opleiding en hofwerk is dienste wat die minste deur die diensleweraars gelewer word.


Die respondente moes aandui watter tipe opleiding hul bied aan die gemeenskap. Die volgende opleiding is genoem:

- Ouerleiding
- Pleegsorgopleiding
- Vaardigheidsontwikkeling
- Lewensvaardighede
- Basiese MIV/VIGS voorligting

Uit hierdie bevinding is dit duidelik dat die organisasies nie genoeg fokus op ontwikkeling nie. Wanneer daar gekyk word na die kontinuum van sorg en ontwikkeling, fokus organisasies nog baie sterk op die versorgingskomponent. Bemagtiging as een van die beginsels van die Finansiële Beleid (1999) word net gedeeltelik toegepas.

### 3.2.3.9 Persentasie van werk gefokus op diensleweringsvlakke

As deel van die diensleweringsraamwerk vir die Finansiële Beleid (1999) het die navorser dit nodig geag om vas te stel watter persentasie van die repondente se werk fokus op die vier verskillende diensleweringsvlakke.





**Figuur 12: Persentasie van werk wat fokus op diensleweringsvlakke**

- Vier van die respondente het aangedui dat hulle werk tussen 81% en 100% op voorkoming fokus, een het aangedui dat sy/haar werk tussen 61% en 80 % daarop fokus en een het aangedui dat sy/haar werk tussen 41% en 60% op voorkoming fokus. Twee respondente het aangedui dat hul slegs tussen 21% en 40% op voorkoming fokus.
- Vyf respondente het aangedui dat hul werk tussen 81% en 100% op vroeë intervensie fokus en die ander drie het aangedui dat hul werk tussen 41% en 60 % op vroeë intervensie fokus.
- Ses respondente het aangedui dat tussen 81% en 100 % van hul werk op statutêre intervensie fokus. Een het aangedui dat tussen 61% en 80% van sy/haar werk daarop fokus en nog een het aangedui dat sy/hy tussen 0% en 20% op statutêre dienste fokus.
- Vier van die respondente het aangedui dat tussen 81% en 100% van hul dienste op die kontinuum van sorg en ontwikkeling gefokus is. Drie respondente het aangedui dat tussen 61% en 80 % van hul werk op kontinuum van sorg en ontwikkeling fokus. Een respondent het aangedui dat sy/haar werk tussen 41% en 60 % gefokus is op die kontinuum van sorg en ontwikkeling.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die meeste dienste steeds op die derde vlak van dienslewering, naamlik statutêre werk, gefokus is. Die skuif vanaf statutêre werk na voorkoming en vroeë intervensie moet vinniger plaasvind om in ooreenstemming met die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) te wees.

### 3.2.3.10 Spesiale onwikkelingsareas

Spesiale ontwikkelingsareas is ook deel van die raamwerk van die Finansiële Beleid. Vervolgens word respondente se fokus op die verskillende areas aangedui.




**Figuur 13: Spesiale ontwikkelingsareas**

Die meeste respondente (6) het aangedui dat armoedeverligting aandag kry. Van die respondente het 5 aangedui dat hul organisasie op MIV/VIGS fokus, terwyl 4 respondente aangedui het dat hul organisasie op spesiale beskerming fokus. Onderskeidelik 3 en 2 respondente se organisasies fokus op substansie afhanklikheid en misdaadvoorkoming. Slegs een respondent het aangedui dat sy/haar organisasie op oorlewingsondersteuning fokus en een respondent het aangedui dat sy/haar organisasie op gestremdheid fokus. Die feit dat slegs een respondent aangedui het dat sy/haar organisasie op gestremdheid fokus, beklemtoon moontlik die feit dat gestremdheid baie gestigmatiseer word in gemeenskappe.

### 3.2.3.11 Beginsels in Finansiële Beleid (1999)

Vervolgens is aan die respondente gevra of die organisasie in wie se diens hul is in ooreenstemming met die beginsels van die Finansiële Beleid (1999) optree. Indien die respondente aangedui het dat hul wel ‘n beginsel toepas, is daar ook gevra hoe dit toegepas word. Die volgende is bevind ten opsigte van elke beginsel:

#### 3.2.3.11.1 Verantwoordbaarheid

Al die respondente het aangedui dat hul onderskeie organisasies verantwoordbaar is en wel op die volgende wyses:

- Deur verantwoordelik te wees vir die diens wat hul lewer.
- Deur verslae aan die Departement te skryf.
- Slegs mense wat kinders ken en lief is vir kinders word aangestel.
- Kredietwaardigheid word aangemoedig.
- Deur inisiatief te neem.


Nie een van die respondente het in hul antwoorde aangedui hoe hul verantwoordbaar is ten opsigte van die gemeenskap nie. Hierdie punt ondersteun die feit dat diensleweraars volgens die gemeenskapslede nie so sigbaar is nie

#### 3.2.3.11.2 Toepaslikheid van dienste

Vier van die respondente het aangedui dat hul dienste nie toepaslik is nie teenoor vier respondente wat van mening was dat hul dienste wel toepaslik is en wel op die volgende wyse:

- Gesinne word bedien binne ‘n vasgestelde tydsperiode.
- Dienste is toepaslik vir elke ouderdomsgroep
- Dienste word deeglik geassesseer en toepaslike dienste word gelewer.

### 3.2.3.12.3 Gemeenskapsgesentreerd




**Figuur 14: Gemeenskapsgesentreerd**


Die meerderheid (6) van die respondente het aangedui dat hul dienste gemeenskapsgesentreerd is. Slegs 2 het aangedui dat hul dienste nie gemeenskapsgesentreerd is nie. Die respondente het op die volgende wyse aangedui hoe hul dienste gemeenskapsgesentreerd is:

- Behoeftes word deur die gemeenskap geïdentifiseer.
- Dienste is daarop gefokus om die gemeenskap as geheel te bemagtig.
- ‘n Behoeftebepaling word gedoen.
- Die dienste word in die gemeenskap gelewer.
- Die gemeenskap neem verantwoordelikheid vir hulself
- Die gemeenskap moet betrek word om hul behoeftes te identifiseer en om verantwoordelikheid te aanvaar.

Gemeenskapsgebaseerde dienste beteken dat dienste binne die gemeenskap gekontekstualiseer word en aangepas word om die gemeenskap se behoeftes aan te spreek (Finansiële Beleid, 1999:9). Uit die fokusgroepbesprekings was dit duidelik dat baie van die gemeenskap se behoeftes nie aangespreek word nie. Sake word nie opgevolg nie en mense weet nie waarheen om te gaan om hulp te kry nie. Dit is dus

duidelik dat maatskaplike werkers onder die indruk is dat hul dienste gemeenskapsgesentreerd is, maar dat die gemeenskap dit nie altyd so beleef nie.

### 3.2.3.12.4 Afrika Renaissance




**Figuur 15: Afrika Renaissance**

Vyf van die agt respondente het aangedui dat hul die beginsel van Afrika Renaissance toepas. Die respondente het die volgende redes hiervoor gegee omdat hulle:

- Eenheid in die gemeenskap organiseer.
- Dienste kultuurdiversiteit in ag neem.

Drie van die respondente het nie aangedui hoe hulle hierdie beginsel toepas nie. Dit bevestig die feit dat baie mense nie werklik die begrip van Afrika Renaissance verstaan nie.

### 3.2.3.12.5 Kontinuum van sorg en ontwikkeling

Die helfte (4) van die respondente het aangedui dat hulle 'n kontinuum van sorg en ontwikkeling in hul werk toepas. Die vier wat wel aangedui het dat hul dit toepas, het dit soos volg toegelig:

- Dienste is gefokus op die mees onbereikbare mense
- Die multi-dissiplinêre span werk saam om elke individu se behoefte aan te spreek

Twee respondente het nie aangedui hoe hul die beginsel toepas nie. Uit die bevindings, veral ten opsigte van dienste wat deur organisasies gelewer word, is dit bevestigend dat daar nog nie genoeg op hierdie kontinuum gefokus word nie en dat die klem nog baie sterk op die sorg van die indvidu val.

### 3.2.3.12.6 Kontinuïteit van sorg en ontwikkeling

Vier van die respondente het aangedui dat hulle die beginsel van kontinuïteit van sorg en ontwikkeling toepas. Vier het aangedui dat hul dit nie doen nie. Op die vraag hoe die beginsel toegepas word, is die volgende genoem:

- Rekord word gehou van alle kliënte en daar word opgevolg of verwys na ander organisasies toe.
- Alle behoeftes word op deurlopende basis in ag geneem.

Hierdie bevinding staan in kontras met die bevindings wat uit die fokusgroepe gekom het. Gemeenskapslede beleef dat die maatskaplike diensleweraars nie sake opvolg nie en mense terugstuur sonder enige hulp en netwerke voor te stel aan hulle wat ondersteuning kan verleen nie.

### 3.2.3.12.7 Effektiwiteit en doeltreffendheid


Vier van die respondente het gemeen dat hul dienste effektief en doeltreffend is. Die ander vier het aangedui dat hul nie dat hul dienste effektief of doeltreffend is nie. Die

respondente wat aangedui het dat hul dienste wel effektief en doeltreffend is, het soos volg gereageer:

- Dienste is goed.
- Dienste word altyd geëvalueer.
- Dienste word op die effektiefste en doeltreffenste wyse gelewer.

Effektiwiteit en doeltreffendheid word gemeet aan die suksesvolheid van dienste. Hierdie bevinding ondersteun weer eens die kwalitatiewe bevindinge dat dienste in Atteridgeville nie effektief of doeltreffend is nie, aangesien 'n beperkte hoeveelheid van die gemeenskapslede se behoeftes aangespreek word.

#### 3.2.3.12.8 Bemagtiging





**Figuur 16: Bemagtiging**

Sewe van die agt respondente het aangedui dat bemagtiging een van die beginsels is wat hul toepas. Bemagtiging vind op die volgende wyse plaas:

- Deur die gemeenskap aan te moedig.
- Deur die gemeenskap met lewensvaardighede te bemagtig.
- Deur bemagtigingsgeleenthede te skep.

Een respondent het aangedui dat hy/sy nie bemagtiging as beginsel toepas nie. Die fokusgroepbesprekings het bevestig dat opleiding die gemeenskap bemagtig en hierdie bevinding korreleer dus met die kwalitatiewe data. Hierdie bevinding korreleer ook met vraag 3.2.3.8 rondom dienste wat deur organisasies gelewer word en die opleiding wat hul verskaf.

### 3.2.3.12.9 Gesinsgesentreerd





**Figuur 17: Gesinsgesentreerd**

Sewe van die respondente het aangedui dat hul dienste gesinsgesentreerd is. Slegs een respondent het nie hierdie beginsel toegepas nie. Die respondente pas hierdie beginsel deur die volgende toe:

- Die hele gesin word betrek voordat daar op dienste besluit word.
- Die gesin word vir gesinskonferensies genooi.

Hierdie bevinding korreleer met die bevinding wat by die teikengroepe (vraag 3.2.3.6) na vore gekom het, naamlik dat die meeste organisasies fokus op kinders, jeug en gesinne.

### 3.2.3.12.10 Gesinsbewaring





**Figuur 18: Gesinsbewaring**

Sewe van die agt respondente het aangedui dat hulle die beginsel van gesinsbewaring toepas. Slegs een het aangedui dat hy/sy dit nie toepas nie. Vervolgens word genoem hoe respondente hierdie beginsel toepas:

- Kinders bly ten alle koste bymekaar.
- Daar word nou saam met die gesin gewerk.
- Naweek en vakansiebesoeke aan kinders in 'n sentrum word aangemoedig.
- Herkonstruksie dienste word gelewer.

Hierdie menings ondersteun die Finansiële Beleid (1999) se siening rondom gesinsbewaring en dat teikengroepe sover moontlik in die gemeenskap versorg moet word.

### 3.2.3.12.11 Permanentheidsbeplanning





**Figuur 19: Permanentheidsbeplanning**

Slegs een respondent het aangedui dat hy/sy permanentheidsbeplanning as beginsel toepas. Die ander sewe het aangedui dat hul dit nie doen nie.

Hierdie beginsel sluit baie nou by gesinsbewaring aan, aangesien dit vra om ‘n langtermynverhouding met mense binne ‘n persoon se eie gemeenskap. Uit hierdie bevinding kan die afleiding gemaak word dat respondente moontlik nie die begrip van permanentheidsbeplanning verstaan nie of werklik nie weet hoe om dit te implementeer nie.

### 3.2.3.12.12 Normalisasie




**Figuur 20: Normalisasie**

Slegs een respondent het aangedui dat hy/sy normalisasie as beginsel toepas. Op die vraag hoe hy/sy dit doen het sy/hy geantwoord soos volg geantwoord: "deur mense bloot te stel aan aktiwiteite om hul deel te maak daarvan."

Die feit dat die ander respondente nie aangedui het dat hul die beginsel toepas nie, dui moontlik aan dat hulle onbekend is met die begrip.


### 3.2.3.12.13 Persoonsgesentreerd

Vier van die respondente het aangedui dat hul dienste persoonsgesentreerd is teenoor die ander vier wat aangedui het dat hul dienste nie persoonsgesentreerd is nie. Die wyse waarop die beginsel toegepas word, word vervolgens aangedui:

- Ontwikkeling van die kliënt is belangrik.
- Die organisasie glo in die persoon se vermoë om keuses te maak.
- Die persoon is deel van die proses.

Hierdie menings stem ooreen met die Finansiële Beleid se siening ten opsigte van 'n persoongesentreerde benadering, naamlik dat elke individu se behoefte sal verskil van 'n ander.

### 3.2.3.12.13 Deelname





**Figuur 21: Deelname**

Vyf van die respondente het aangedui dat deelname 'n beginsel is wat hulle in hul werk toepas. Drie respondente het aangedui dat hulle dit nie as beginsel toepas nie. Deelname word op die volgende maniere verseker:

- Moedig mense aan om deel te neem aan proses
- Mense is aktief betrokke by gebeure.
- Mense word deurlopend by die proses betrek.
- Mense is betrokke by die intervensieproses.

Deelname is volgens die Witskrif vir Maatskaplike Ontwikkeling (1997:12) van die grootste belang om die proses van ontwikkeling te bevorder. Hoewel die respondente 'n goeie begrip het van wat deelname behels, sou dienste meer effektief en doeltreffend deur gemeenskapslede beleef word indien hul aktief betrokke by die proses was.

### *3.2.3.12.14* Herstelde geregtigheid (*Restorative justice)*





**Figuur 22: Herstelde geregtigheid**

Slegs twee respondente het aangedui dat herstelde geregtigheid as beginsel toegepas word in hul dienste. Ses het aangedui dat hulle dit nie toepas nie. Hierdie beginsel word op die volgende wyse toegepas:

- Kinders word verantwoordelik gehou vir hul dade.
- Kinders word na NIMRO toe verwys vir toepaslike programme.

Uit hierdie bevinding is dit duidelik dat die meeste van die organisasies nie met oortreders werk nie en dat hulle sal verwys indien nodig.

### 3.2.3.12.16 Regte





**Figuur 23: Regte**

Vyf van die agt respondente het aangedui dat hulle regte as beginsel in die organisasie toepas, terwyl drie aangedui het dat hulle dit nie doen nie. Regte word op die volgende wyse as beginsel toegepas:

- Die organisasie is op hoogte van die konstitusionele regte van mense en beskerm dit.
- Heartbeat is op kinderregte gefokus.
- Mense word aangemoedig om hul regte te ken.
- Die gemeenskap word bewus gemaak van hul regte.


### 3.2.3.14 Vennootskappe met ander organisasies




**Figuur 24: Vennootskappe**

Al die organisasies is in vennootskap met ander organsisasies. Sewe van die respondente het aangedui dat hulle in vennootskap met ander maatskaplike welsynsorganisasies is. Ses respondente het aangedui dat hul in vennootskap met NROs is. Sewe respondente het aangedui dat hulle in vennootskap met regeringsdepartemente, soos Binnelandse sake, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die SAPD is. Vier respondente het aangedui dat hul ook met ander organisasies, soos creches, kerke, besighede en GBOs (Gemeenskapsgebaseerde organisasies) in vennootskap is.

#### 3.2.3.15 Implementering in beplande tydsraamwerk




**Figuur 25: Implementering in beplande tydsraamwerk**


Bogenoemde figuur dui aan dat 2 (25 %) van die respondente nie van mening was dat die Finansiële Beleid (1999) binne die beplande tydsraamwerk geïmplementeer gaan word nie. Van die respondente was 6 (75 %) van mening dat dit wel binne die beplande tyd geïmplementeer sal word. Die respondente het die volgende as moontlike wyses genoem om te verseker dat die Beleid binne die beplande tyd geïmplementeer word:

- Meer maatskaplike werkers om gevallelading te verlig.
- Maatskaplike diensleweraars moet meer toeganklik wees vir mense. Voorkomingsdienste is belangrik.

### 3.2.4 Monitering en evaluasie van die Finansiële Beleid (1999)

#### 3.2.4.1 Ontwikkelingskwaliteitsversekeringsinstrument

Die Ontwikkelingskwaliteitsversekeringsinstrument (OKV) bestaan uit drie elemente, naamlik beleidsbeginsels en minimum standaarde, befondsingsbeleid en -prosedure en bemagtiging, wat menslike en organisatoriese ontwikkeling insluit (Finansiële Beleid, 1999:35). Figuur 26 stel die respondente se kennis aangaande die OKV grafies voor.




**Figuur 26: Ontwikkelingskwaliteitsinstrument (OKV)**

Ses (75 %) van die agt respondente het aangedui dat hul wel weet van die OKV. Twee (25 %) het aangedui dat hul nie daarvan kennis dra nie.

Die ses respondente wat aangedui het dat hulle bewus is van OKV het ook aangedui dat ‘n OKV-span hul organisasie wel besoek het. Die OKV-spanbesoeke is deel van die befondsingsbeleid en prosedure van die OKV. Hierdie span het die organisasies tussen Julie en Augustus 2003 besoek. Die respondente het dit as ‘n leerervaring beskryf.

Hierdie is een van die mees kritiese komponente in die implementering van die Finansiële Beleid (1999). Die navorser vind dit kommerwekkend dat die organisasies vanaf 1999 slegs vanjaar (2003) ‘n besoek van die OKV-span gekry het. Hierdie OKV-span se hoofdoel is juis om organisasies te help om te transformeer waar nodig.

### 3.2.5 Kernbevindings

Ter samevatting kan die kernbevindings van die kwalitatiewe bevindings soos volg opgesom word:

- Maatskaplike diensleweraars is nie almal ewe bekend met die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) asook wat bedoel word met ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk nie.
- Min opleiding is deurloop ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999).
- Kinders, gesinne, jeug en vrouens word geteiken deur die meeste maatskaplike diensleweraars.
- Die kontinuum van sorg en ontwikkeling word hoofsaaklik eensydig toegepas. Die primêre fokus is op berading en armoedeverligting.
- Maatskaplike diensleweraars pas veral die volgende beginsels toe: gesinsgesentreerdheid, gemeenskapsgesentreerdheid, bemagtiging en gesinsbewaring.
- Al die maatskaplike diensleweraars is in vennootskappe met ander organisasies en staatsdepartemente.
- Maatskaplike diensleweraars is oorwegend positief oor die implementering van die Finansiële Beleid (1999).
- Die OKV-instrument is in plek en word sedert 2003 toegepas.

In Hoofstuk 4 sal die gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek word.

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

# HOOFSTUK 4: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 1. Inleiding

Hierdie hoofstuk beoog om die hele navorsingstudie saam te vat. Die fokus sal wees op hoe die doel en doelwitte van die van die studie bereik is en gevolgtrekkings sal gemaak word na aanleiding van die sleutelbevindings van die studie. Die hoofstuk word afgesluit met aanbevelings voorspruitend uit die studie.

Vervolgens word aangedui hoe die doel en doelwitte van die studie bereik is.

## 2. Doel en doelwitte van die studie

**Doel**

Om die impak van die Finansiële Beleid vir Ontwikkelingsgerigte Maatskaplike Welsyn (1999) op maatskaplike dienslewering in Atteridgeville te evalueer. Hierdie doel is deur die volgende doelwitte bereik:

**Doelwitte**

1. Om ‘n teoretiese raamwerk te formuleer vir maatskaplike dienslewering binne die konteks van die Finansiële Beleid (1999) en die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997).

In Hoofstuk 2 is die Finansiële Beleid (1999) se beginsels, diensleweringsraamwerk, implementering, asook die administratiewe proses vanuit ‘n teoretiese raamwerk gekonsepsualiseer. Hierdie konsepsualisering het plaasgevind teen die agtergrond van die proses van beleidsanalise en ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk.

2. Om die teikengroepe, intervensievlakke en maatskaplike diensleweraars vir maatskaplike welsynsdienste in Atteridgeville te identifiseer.

Teikengroepe, intervensievlakke en maatskaplike diensleweraars is as deel van die navorsingsproses, soos uiteengesit in Hoofstuk 1 en 3, geïdentifiseer.

3. Om die impak van maatskaplike dienslewering met betrekking tot die visie, missie en beginsels van die Finansiële Beleid (1999) in Atteridgeville te evalueer.

Die impak van maatskaplike dienslewering met betrekking tot die visie, missie en beginsels van die Finansiële Beleid (1999) is geëvalueer met behulp van 'n persoonlike geadministreerde vraelys asook fokusgroepe. Die empiriese bevindings word in Hoofstuk 3 weergegee.

4. Om gevolgtrekkings te maak ten opsigte van moontlike leemtes met betrekking tot maatskaplike dienslewering in die implementering van die Finansiële Beleid (1999).

Gevolgtrekkings ten opsigte van moontlike leemtes word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

5. Om na aanleiding van die navorsingsbevindings aanbevelings te maak ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999) met betrekking tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering.

Aanbevelings ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999) word in hierdie hoofstuk gemaak.

## 3. Kernbevindinge uit empiriese navorsing

### 3.1 Kwalitatiewe navorsing

Kernbevindinge vanuit die kwalitatiewe navorsing is soos volg:

- Maatskaplike diensleweraars in Atteridgeville is nie ten volle toeganklik of sigbaar nie. (Vergelyk Hoofstuk 3 punt 3.1.1.)
- Kontinuïteit van sorg en ontwikkeling in Attridgeville is baie beperk. (Vergelyk Hoofstuk 3, punt 3.1.2.)
- Die kontinuum van sorg en ontwikkeling is baie beperk in Atteridgeville. Die fokus is nog baie sterk op die remediërende model en op sorg deur middel van maatskaplike toelaes. (Vergelyk Hoofstuk 3, punt 3.1.3.)
- Die fokus op ontwikkelingsgerigte dienslewering is beperk tot die bemagtiging van gemeenskapslede deur die aanleer van vaardighede in die hantering van huishoudelike geweld en getraumatiseerde kinders. (Vergelyk Hoofstuk 3, punt 3.1.4.)
- Die kindersorgtoelaag maak ‘n daadwerklike verskil in mense se lewens in Attridgeville. (Vergelyk Hoofstuk 3, punt 3.1.5.)
- Kinders en jeug word die meeste deur organisasies geteiken vir dienslewering. (Vergelyk Hoofstuk 3, punt 3.1.6.)

### 3.2 Kwantitatiewe navorsing

Kernbevindinge vanuit die kwantitatiewe navorsing omsluit die volgende:

- Maatskaplike diensleweraars is nie almal ewe bekend met die doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) asook wat bedoel word met ontwikkelingsgerigte werk nie. (Vergelyk Hoofstuk 3, punt 3.2.2.2.)
- Min opleiding is deurloop ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999). (Vergelyk Hoofstuk 3, Figuur 6.)

- Kinders, gesinne, jeug en vrouens word geteiken deur die meeste maatskaplike diensleweraars. (Vergelyk Hoofstuk 3, Figure 9 en 10.)
- Die kontinuum van sorg en ontwikkeling word hoofsaaklik eensydig toegepas. Die primêre fokus is op berading en armoede verligting. (Vergelyk Hoofstuk 3, Figuur 11.)
- Maatskaplike diensleweraars pas veral die volgende beginsels van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering toe: gesinsgesentreerdheid, gemeenskapsgesentreerdheid, bemagtiging en gesinsbewaring. (Vergelyk Hoofstuk 3, Figure 14, 16, 17 en 18.)
- Al die maatkaplike diensleweraars is betrokke in vennootskappe met ander organisasies en staatsdepartemente. (Vergelyk Hoofstuk 3, Figuur 24.)
- Maatskaplike diensleweraars is oorwegend positief oor die implementering van die Finansiële Beleid (1999). (Vergelyk Hoofstuk 3, Figuur 25.)
- Die Ontwikkelingskwaliteitversekering (OKV) -instrument is tot ‘n beperkte mate in plek. Die OKV-span besoek sedert 2003 welsynsorganisasies vir monitering van die implementering van die Finansiële Beleid (1999) toegepas. (Vergelyk Hoofstuk 3, punt 3.2.4.1.)

## 4. Gevolgtrekkings

Voortspruitend uit die kernbevindinge van die studie, het die navorser die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Beperkte opleiding ten opsigte van die implementering van die Finansiële Beleid (1999) lei tot beperkte kennis by diensleweraars rondom die doelwitte en die realisering van die Finansiële Beleid (1999) in Atteridgeville. Dit het weer ‘n direkte impak op hoe die gemeenskap die effektiwiteit en doeltreffendheid van dienslwering ervaar.
- ‘n Gemeenskap, soos Atteridgeville sien maatskaplike dienslewering holisties en verwag dat organisasies dienste lewer aan alle teikengroepe wat hulp benodig. Hulle sien organisasies nie net in terme van hul onderskeie gespesialiseerde diensleweringsfokusse nie. Dit bevestig die belangrikheid van vennootskappe

tussen organisasies sodat 'n holistiese diens aan die gemeenskap gelewer kan word.

- Die sterk fokus van maatskaplike diensleweraars in Attridgeville op statutêre dienslewering en die sorg van mense, bevestig enersyds dat die remediërende model vir dienslewering altyd 'n plek sal hê in maatskaplike dienslewering en andersyds dat daar nie duidelike riglyne is vir diensleweraars om die klem van maatskaplike dienslewering te verskuif na 'n ontwikkelingsmodel ten einde 'n balans te vind tussen die twee modelle nie. Billups (1990:20) beklemtoon die belangrikheid daarvan dat dienslewering op verskillende intervensievlakke plaasvind, naamlik die mikro- en die makrovlakke. Daar moet dus, na aanleiding van die behoeftes van die gemeenskap aan maatskaplike dienslewering, 'n balans gevind word tussen die remediërende en die ontwikkelingsmodel.
- Bemagtiging geskied nie slegs deur vaardigheidsopleiding in maatskaplike kwessies nie, maar behoort ook ekonomiese ontwikkeling in te sluit. Maatskaplike ontwikkeling sal hierdeur plaasvind.
- Maatskaplike diensleweraars is bereid om as vennote saam met ander organisasies en sektore te werk wat kan lei tot intersektorale en multi-dissiplinêre dienslewering. Die Finansiële Beleid (1999:9) ondersteun hierdie gevolgtrekking deur integrasie as beginsel vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike diens daar te stel. Dienste moet op 'n holistiese wyse, intersektoraal en multi-dissiplinêr aan teikengroepe gelewer word.
- Die OKV word beperk toegepas en lewer 'n beperkte bydrae tot die koers waarin organisasies moet beweeg om ten volle in ooreenstemming met die doel en doelwitte van die Finansiële Beleid (1999) te kom. Hoewel organisasies goed bekend was met die beginsels van die Finansiële Beleid (1999) kan die waarde van die OKV verhoog word deur te hou by die prosedure soos uiteengesit in die Finansiële Beleid (1999:37). Bemagtiging va diensleweringsorganisasies deur mentorskap kan die implementering van die Finansiële Beleid (1999) vergemaklik en bevorder.
- Transformasie begin met die onderskrywing van beginsels. Uit die empiriese bevindings kan afgelei word dat organisasies in 'n groot mate hierdie beginsels onderskryf en dus kan transformasie plaasvind omdat hulle bereid is om te transformer.

## 5. Aanbevelings

Na aanleiding van die gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak:

- Indien die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling wil voortgaan met die implementering van die Finansiële Beleid (1999) sal die implementeringstrategie baie goed deurdink moet word. ‘n Kosteberekening sal gemaak moet word, ten einde te verseker dat voldoende opleiding en moniteringsisteme in plek is om die Finansiêle Beleid (1999) suksesvol te implementeer.
- Die Departement van Maatskaplike Onwikkeling moet, wanneer befondsing van organisasies goedgekeur word, in ag neem dat die gemeenskap behoefte het aan sowel remediërende as ontwikkelingsdienste en nie besigheidsplanne uitsluitlik op laasgenoemde rig vir finansiering nie.
- Ontwikkeling ten opsigte van inkomstegenerering is noodsaaklik ten einde mense holisties en binne die raamwerk van maatskaplike ontwikkeling te ontwikkel. Maatskaplike werkers moet binne die raamwerk van maatskaplike ontwikkeling opgelei word om mense ekonomies te help ontwikkel. ‘n Interdepartementele benadering kan gevolg word, waarin die Departement van Arbeid ‘n groot rol kan speel.
- OKV-spanne moet jaarliks organisasies besoek en assesseer. Bemagtiging moet tydens hierdie besoeke plaasvind. Die OKV-span moet organisasies behulpsaam wees om ‘n transformasieplan te ontwikkel en te implementeer.
- Die Finansiële Beleid (1999), of die hersiende beleide wat in proses van formulering is, moet deur wetgewing afgedwing word om transformasie van dienslewering te verseker.
- Aangesien die navorser deel van ‘n span was wat hierdie onderwerp nagevors het, kan ‘n vergelyking van die bevindinge van die onderskeie studies ‘n groot bydrae lewer in die analise van die Finansiële Beleid (1999) en die herformulering van nuwe beleid om die leemtes van dié beleid te ondervang.
- Opleiding moet deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling spesifiek gerig wees op die bemagtiging van organisasies wanneer nuwe beleid vir

maatskaplike dienslewering verskyn en van meet af aan deur middel van deelnemende navorsing gemonitor word.

## 6. Samevatting

Die Witskrif vir Maatskaplike Ontwikkeling (1997) se missie en visie is om ontwikkelingsgerigte dienste aan kliënte in Suid-Afrika te bied. Ten einde hierdie visie en missie te bereik is 'n beleid soos die Finansiële Beleid (1999) van uiterste belang.

Uit dié studie is dit egter duidelik dat daar leemtes in die implementering van die Finansiële Beleid (1999) is. Bemagtiging van maatskaplike diensleweraars deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling om die beleid te implementeer is 'n kernaspek van die sukses. Die Departement sal sterker leiding moet gee ten opsigte van die implementering. Hersiening van die Finansiële Beleid (1999) het dus waarde en beleidsformuleerders sal die bevindinge van die span waardevol vind in die implementering van die beleid tot op hede.

## BIBLIOGRAFIE


- Barker, R.L. 1988. **The Social Work Dictionary.** Washington: NASW Press.

- Billups, J.O. 1990. Toward Social Development as an Organizing Concept for Social Work and Related Social Professions and Movements. **Social Development Issues**, 12 (3) 14-24.

- Bless, C & Higson-Smith, C. 1995. **Fundamentals of Social research Methods: An African Perspective**. Kenwyn: Juta & Co. Ltd.

- Clarke, S. 1996. **Social Work as Community Development. A management model for social change.** England: Avebury Ashgate Publishing Limited. Evaluation.

- Delport, C.S.L. 2002. Quantitative data collection methods. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L**. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- De Vos, A.S. 1998. **Research at Grass Roots: A primer for the caring professions.** Pretoria: J.L. van Schaik.

- De Vos, A.S. 2002a. Scientific theory and professional research. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L**. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- De Vos, A.S. 2002b. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L**. Research at grass roots: for**

**the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- De Vos, A.S. 2002c. Programme evaluation. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- De Vos, A.S., Fouché,C.B. & Venter, L. 2002. Quatitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- Dunn, W.N.1994. **Public Policy Analysis: An introduction** London: The Haworth Press.

- Fouche, C.B. 2002 . Research strategies. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- Fouche, C.B. & De Vos, A.S. 2002. Quantitative research designs. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- Hart, T. Issue Editor.1995. **Building Policy Skills in South Africa. A Resource Document on Policy Analysis.** CDE Resource Booklet no.1 November. Johannesburg: The Centre for Development and Enterprise. Section 2: What is Policy Analysis.

- Homan, R.K.S. 1994. **Promoting Community Change. Making it happen in the real world.** California Wadworth, inc

- Leedy, P.D. & Ormond, J.E. 2001**. Practical Research: Planning and design**. 7th ed. New Jersey: Merill Prentice Hall.

- Lombard A. 1996. Developmental Social Welfare in South Africa: A Theoretical Framework. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 32(2): 162-172.

- Ludik, B. & Nel, J.B.S. 2001. Social Development in South Africa a Structural analysis: A need for transformational strategic change of organization in civil society. **Social Work Practitioner-Researcher/Maatskaplikewerk Navorser-Praktisyn**, 13(2): 48-62.

- Midgley, J. 1995. **Social Development: The Developmental Perspective in Social Welfare.** London: SAGE Publications Ltd.

- Midgley, J. 1996. The developmental perspective in social welfare: Transcending residual and institutional models. **Social Work Practice,** 1.96:2-9.

- Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A & Gouws, L.A. 1993. **Psigologiese Woordeboek**. Pretoria: Sigma-Pers (Edms) Bpk.

- Potgieter, M.C. 1998. **The Social Work process: Development to empower people.** South Africa: Prentice Hall South Africa (Pty) LTD.

- RSA. Department of Welfare. Financing Policy: Developmental Social Welfare Services (Notice no. 463 of 1999). **Government Gazette**. No 19888. Pretoria: Government Printers.

- RSA. Ministry for Welfare and Population Development. White Paper for Social Welfare. (Notice no 1108 of 1997). **Government Gazette.** No. 18166. Pretoria: Government Printers.

- RSA. Department of Social Development. 2003/2004-2005/2006. Strategic Plan of the Department of Social Development. Pretoria: Government Printers.

- RSA. Department of Social Development. **Progress Report.** 2003. Maart, Pretoria: Government Printers.

- Strydom, H. 2002a. The pilot study. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L**. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- Strydom, H. 2002b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L**. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- Strydom, H & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouche, C.B. & Delport, C.S.L**. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. 2nd ed. Pretoria: J.L.van Schaik Publishers.

- The Constitution of the Republic of South Africa, no 17678. **Government Gazette** (Act 108). 1996. Government Printers.

- Tracy, E.M. 1995. **Encyclopedia of Social work.** 19th ed. Washington: NASW Press.

- Vaktaalkomitee. 1995. **Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk: Hersiende uitgawe.** Cape Town: CTP Book Printers.

University of Pretoria etd – Venter, M E (2003)

# BYLAES

## GEEN BYLAES BESKIKBAAR NIE